

HOOFSTUK 4

Empiriese studie

4.1 Inleiding

Die doel van die empiriese studie was om soveel moontlik relevante inligting, menings en voorstelle by diensdoenende onderwysers te verkry om te probeer vasstel wat die stand en effektiwiteit van skoolgerigte en skoolgebaseerde indiensopleiding en ontwikkeling (SIDOO) van die onderwysprofessie is. Daar is uitgegaan van die standpunt dat SIDOO 'n integrale deel van deurlopende professionele ontwikkeling (DPO) van onderwysers is binne die raamwerk van lewenslange leer en ontwikkeling. Na die verwerking en ontleding van die antwoorde van onderwysers is afleidings gemaak en aanbevelings gedoen met betrekking tot die professionele en persoonlike indiensopleidingsbehoefes van die onderwyser en die skool as instelling. Die verwerkte inligting kan deur skole, professionele onderwysersentrums, departemente van onderwys, NRO's en die nasionale strukture vir die indiensopleiding van onderwysers gebruik word om skoolgebaseerde SIDOO-programme vir onderwysers te ontwikkel om in die professionele en persoonlike behoeftes van die onderwyser, die skool en alle ander rolspelers by onderwys te voorsien.

4.2 Navorsingsontwerp

4.2.1 Meetinstrument

Die meetinstrument wat gebruik is, is 'n gestruktureerde meerkeusige vraelys wat ontwikkel is uit plaaslike en oorsese bronne. Respondente kon vanaf 'n tweepunt-skaal tot 'n agtpunt-skaal reageer op 'n vraag of 'n stelling. Sommige vrae is oop

vrae ten opsigte waarvan die respondente verwag is om 'n mening uit te spreek. Die vrae is nie gekodeer nie maar 'n uittreksel van menings is gemaak en in tabelvorm weergegee.

Voordat die konstruksie van die meetinstrument ontleed word, moet eers kortliks gekyk word na die voor- en nadele van 'n vraelys soos verduidelik deur Smit en De Wet (soos aangehaal deur Mentz, 1990:149,150).

4.2.1.1 Voordele van 'n vraelys

- Die vraelys is meer prakties as 'n onderhoud aangesien onduidelikheid grootliks uitgeskakel kan word.
- Gestandaardiseerde instruksies skep eenvormigheid en vergemaklik die invul van die vraelys.
- Die vraelys kan met behulp van tegnologie maklik en effektief ontleed word.
- Die eenheidkoste is relatief laag.
- Die respondent het groot vryheid met betrekking tot die plek, tyd en tempo van voltooiing.
- Heelwat inligting kan in 'n relatief kort periode van tyd ingesamel word.
- Geografiese bereikbaarheid en afstand is nie 'n probleem nie.
- Omdat die vraelys vir alle respondente dieselfde is, is daar nie baie eksterne faktore wat op verskillende wyses 'n invloed kan uitoefen nie.
- Respondente en skole kan anoniem bly. Dit lei tot vertroulikheid en meer openheid van die respondente by die verskaffing van antwoorde.
- Vraelyste kan vinnig, maklik en gerieflik deur middel van die tegnologie (Internet en e-pos) versprei, ingevul en terug ontvang word.

4.2.1.2 Nadele van 'n vraelys

- Die geldigheid van 'n vraelys kan moeilik bepaal word.

- Dit is moeilik om 'n vraelys so op te stel dat al die respondente die vrae op dieselfde wyse verstaan en interpreteer.
- Gewoonlik word 'n hoë persentasie van terugvoer nie verkry nie.
- Daar bestaan 'n algemene negatiewe houding ten opsigte van vraelyste.
- Vraelyste word as onpersoonlik ervaar.
- Vraelyste is beperk tot geletterde persone.
- Daar is min kontrole oor wie die vraelys ingevul het.
- Die ontwikkeling van 'n vraelys is 'n tydrowende proses.
- Sommige respondente ervaar 'n vraelys as 'n bedreiging.
- Die gebruik van tegnologie is beperk.

4.3 Konstruksie van die vraelys

Die vraelys gerig op die menings van onderwysers en persone betrokke by onderwysers, betreffende skoolgebaseerde Skoolgerigte Indiensopleiding en Ontwikkeling (SIDOO) van onderwysers as integrale deel van Deurlopende Professionele Ontwikkeling (DPO) is in Afrikaans ontwikkel uit plaaslike en hoofsaaklik oorsese bronne en is in Engels vertaal. Die vraelys (Bylaag A) bestaan uit twee afdelings. **Afdeling A** konsentreer op die demografiese en biografiese inligting met betrekking tot die respondente en die werk wat hulle doen. Meer spesifiek is daar gefokus op die geslag, ouderdom, posisie in skoolverband, onderwyservaring, hoogste kwalifikasie, verdere studie en die vlak van leerders en die leerareas wat die respondente onderrig. Die doel van die vrae is om 'n algemene oorsig van die respondente te verkry wat die vraelys ingevul het en wat die invloed daarvan op die voorsiening van SIDOO is.

Afdeling B fokus op aspekte betreffende skoolgebaseerde SIDOO en DPO van onderwysers en kan as volg ingedeel word:

- Die bywoning van vorige SIDOO-programme en die effek daarvan op die onderwyser as persoon en onderwys in die algemeen: Items 9, 10, 11, 12 en 26.

- Die onderwyser se voorkeur met betrekking tot SIDOO-programme (wanneer, tydsduur, plek, programskedule en noodsaaklikheid van SIDOO): Items 13, 14, 17 en 18.
- Onderwyser se prioriteit ten opsigte van SIDOO-programme: Items 19, 29 en 32.
- Die beplanning van SIDOO-programme: Item 20.
- Metodes en aktiewe betrokkenheid van die onderwyser om vakkennis op te gradeer: Items 21, 22, 24 en 25.
- Professionele evaluering van onderwysers: Item 23.
- Effektiwiteit van die skool se fasiliteite om skoolgebaseerde SIDOO-programme vir onderwysers te ondersteun: Item 27.
- SIDOO-behoeftebepaling: Item 28.
- SIDOO-beleid, bestuur en evaluering van programme: Items 30 en 31.
- Evaluering van moontlike uitkomst en swak punte van SIDOO-programme: Items 37 en 38.
- Evaluering van die voordele van 'n professionele onderwysersentrum: Item 39.

4.4 Administratiewe prosedures

- 'n Aantal DIALOG-rekenaarsoektogte is op die ERIC-databasis gedoen ten einde literatuur in te samel met betrekking tot SIDOO en DPO van onderwysers. 'n Rekenaarsoektog is ook by die Universiteit van Sussex in Engeland geloods.
- Onderhoude is gevoer met leidende persone op die terrein van indiensopleiding en professionele ontwikkeling van die onderwyser.
- Die meetinstrument is ontwikkel in samewerking met die Statistiekdiens van die PU vir CHO en is ook in Engels vertaal vir gebruik in die skole met Engels as voertaal.
- 'n Loodsondersoek is gedoen om moontlike probleme met betrekking tot taal en formulering van vrae uit die weg te ruim. Vir dié doel is twintig vraelyste versprei onder onderwysers verbonde aan sekondêre, primêre en pre-primêre skole in

en om Middelburg. Die onderwysers betrokke by die loodsondersoek is nie in die uiteindelijke studiepopulasiegroep ingesluit nie.

- Na afloop van die proeflopie is veranderinge aangebring. Die vraelyste is gedupliseer en toestemming is by die Adjunk Direkteur-Generaal: Onderwys, Me. Faith Sithole en die Direkteur: Distrikte, Mnr Motshana verkry om die vraelyste aan onderwysers verbonde aan skole te versprei (vgl. ook Tabel 4.1). Al die vraelyste is persoonlik aan die skoolhoofde oorhandig. Gesamentlik is die verspreiding van die vraelyste in skoolverband bespreek. In skole met meer as 15 onderwysers is tien vraelyste soos volg versprei: twee aan die top- en middelbestuur, vier vir ervare onderwysers en vier vir minder ervare onderwysers. Deurgaans is gepoog om 'n balans tussen die geslagte te handhaaf. Skole met minder as 15 onderwysers het twee tot vyf vraelyste ontvang wat tussen die bestuur en onderwysers soos volg verdeel is: 1 aan die bestuursvlak en 2 vir die ervare en 2 vir minder ervare onderwysers. In gekombineerde skole is vraelyste eweredig tussen die sekondêre en primêre komponente verdeel.
- Vraelyste van die meeste skole is voor die sperdatum terugontvang. Voortdurende opvolging en omdat die skoolhoof direk by die proses betrokke was, is van die redes waarom daar 'n hoë persentasie terugvoer was.
- Nadat die vraelyste terugontvang is, is die data ingesleutel op 'n rekenaar deur gebruik te maak van Microsoft Excel. Nadat die data ingesleutel is, is die data vir moontlike insleutelfoute gekontroleer. Na konsultasie met Prof. Faans Steyn van die PU vir CHO Statistiekdiens is die data verwerk met behulp van Microsoft Access.
- Briewe is aan die skoolhoofde en onderwysers gestuur om hulle te bedank vir hulle positiewe deelname en insette.

4.5 Populasie

De Wet (soos aangehaal deur Mentz, 1990:158) beskryf populasie as al die lede van een of ander duidelik gedefinieerde groep mense. Vir die doeleindes van

hierdie navorsing is van 'n steekproef gebruik gemaak van onderwysers verbonde aan skole in Mpumalanga. Mpumalanga is gekies omdat die steekproef hanteerbaar is in terme van koste en bereikbaarheid. Die vraelys is versprei onder skoolhoofde en onderwysers van geselekteerde skole in Mpumalanga (N=250).

Vir die doeleindes van hierdie studie is pre-primêre, primêre, sekondêre, en gekombineerde skole in vier distrikte in Mpumalanga geïdentifiseer. Die vier distrikte is gekies omdat die skole in die distrikte maklik bereikbaar is en alle skooltipes vir die navorsingsdoeleindes teenwoordig is, naamlik stedelik, semi-stedelik, landelik, plaasskole en mynskole. In Tabel 4.1 word 'n uiteensetting gegee van die aantal vraelyste versprei, aantal skole betrek en vraelyste terugontvang.

Tabel 4.1 Aantal vraelyste versprei: skole en onderwysers

	Uitgestuur	Terugontvang	% Terugontvang
Onderwysers	250	183	73.2%
Skole	72		

4.6 Interpretasie van die data

Afdeling A

In hierdie afdeling is die fokus geplaas op die demografiese en biografiese inligting met betrekking tot die respondente. Die doel daarvan is om 'n profiel van die respondente op te bou.

Profiel van die respondente en demografiese inligting

Vraag 1 Geslag

Tabel 4.2 Geslagsamestelling van die respondente

	F=	%	R
Mans	75	40.98%	2
Vrouens	108	59.02%	1
Nba	0	00.00	
N=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Uit die 183 respondente wat die vraelys ingevul het is 75 of 40.98% mans en 108 of 59.02% vrouens.

Vraag 2 Ouderdom

Tabel 4.3 Ouderdomsverspreiding van die respondente

	F=	%	R
Onder 21	0	0.00	6
21 –25	12	6.55	5
25 – 30	37	20.21	3
31 – 40	65	35.51	1
41 – 50	46	25.13	2
oor 50	23	12.56	4
Nba	0	0.00	
n=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Die meeste respondente 65 of 35.51% is in die ouderdomsgroep 31- 40 en 46 respondente (25.13%) is tussen 41 - 50 jaar oud. Slegs 12 (6.55%) respondente is tussen 21 - 25 jaar terwyl 49 (26.7%) respondente in die jonger ouderdomsgroep tussen 21 en 30 jaar is terwyl 134 respondente of 73.3% in die ouderdomsgroep 31 tot 50 of bo 50 jaar oud is.

Vraag 3. Posisie in skoolverband

Tabel 4.4 Respondente se posisie in skoolverband

	F=	%	R
Skoolhoofde	7	3.83	4
Adjunkhoofde	10	5.46	3
D/Hoofde	33	18.03	2
Onderwysers	133	72.68	1
Nba	0	00.00	
N=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Uit tabelle 4.4 en 4.5 blyk dit dat die meerderheid van die respondente naamlik, 133 (72.68%) onderwysers is. Uit die middelbestuur is daar 33 respondente (18.03%) wat departementshoofde is. Topbestuur word deur 17 respondente (9,29%)

skoolhoofde en adjunkhoofde verteenwoordig. 88% van die respondente beklee permanente poste teenoor slegs 11.48% van die respondente wat tydelike aanstellings beklee. Slegs 1 respondent is 'n bestuursliggaamaanstelling en geen respondent is 'n gesekondeerde onderwyser nie.

Tabel 4.5 Aanstelling van die respondente

Vraag	F=	%	R
Permanente pos	161	87.98	1
Gesekondeerde onderwyser	0	0.00	4
Tydlike aanstelling	21	11.48	2
Bestuursliggaampos	1	0.54	3
Nba	0	00.00	
N=	183.00	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Tabel 4.6 Onderwyservaring

Vraag	F=	%	R
Minder as 2 jaar	6	2.75	5
2 – 5 jaar	35	19.23	3
6 – 10 jaar	29	15.93	4
11 – 20 jaar	70	38.46	1
21 en meer	43	23.63	2
Nba	0	00.00	
n=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Vraag 5.

Tabel 4.7 Hoogste kwalifikasies van die respondente

Vraag	F=	%	R
St. 10	0	0	6
Onderwysertifikaat	2	1.10	5
Onderwysdiploma	105	58.01	1
Eerste graad	41	22.65	2
Tweede graad, bv. B.Ed.	29	16.02	3
Meestersgraad	4	2.20	4
Ph.D	0	0	6
Nba	2	0.02	
n=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Uit die voorafgaande inligting, vrae 1-5 en verduidelik in Tabele 4.2, 4.3, 4.4, 4.5, 4.6 en 4.7 blyk dit dat die meeste respondente

- vrouens is 108 (59.02%)
- onderwysers is (133);
- permanente aanstellings beklee (161);
- meer as 11 jaar onderwyservaring het;
- 105 (58.01%) professioneel gekwalifiseerd is en oor ten minste 'n onderwysdiploma beskik (vgl. Tabel 4.7);
- daarteenoor is 74 of 40.87% van die respondente gegradueerd; en
- slegs 2 respondente (0.02%) beskik oor onderwysertifikate as hoogste kwalifikasie.

Vraag 6.

Tabel 4.8 Die vlak van leerders wat die respondente onderrig

Vraag		f=	%	R
6.1	Pre-Primêr	2	1.10	6
6.2	Junior Primêr, grade 0 – 3	38	20.99	3
6.3	Senior Primêr, grade 4 – 6	58	32.04	1
6.4	Junior Sekondêr, grade 7 - 9	51	28.18	2
6.5	Senior Sekondêr, grade 10 – 12	29	16.02	4
6.6	Gekombineerde skool	3	1.66	5
	Nba	2	0.01	
	N=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Uit die 181 respondente wat vraag 6 (vgl. Tabel 4.8) beantwoord het is net meer as die helfte van die onderwysers, dit wil sê 96 (53.03%) verbonde aan die junior en senior primêre fases. Respondente verbonde aan sekondêre instellings beslaan 44.20% van respondente. Die respondente verbonde aan die senior primêre fase (58 of 32.04%) vorm die grootste enkele groep van respondente gevolg deur die onderwysers verbonde aan die junior sekondêre fase (51 of 28.18%) en dan volg die onderwysers verbonde aan die junior primêre fase (38 of 20.99%).

Vraelyste is versprei in alle tipes van skole in die vier skooldistrikte in Mpumalanga. Teleurstellend is egter die reaksie van die drie gekombineerde skole en die vier pre-primêre skole. Onderskeidelik 3 en 2 vraelyste van die twee skooltipes is terugontvang. Verblydend egter is die groot aantal vraelyste wat terugontvang is oor die spektrum van die primêre en sekondêre skole in die provinsie. Menings uitgespreek in die vraelyste is dus verteenwoordigend regoor die spektrum van die skoolstelsel in Mpumalanga.

Vraag 7

Tabel 4.9 Die leerareas waarin die respondente tans onderwys voorsien

Vraag		f=	%	R
7.1	Natuurwetenskappe	44	24.04	2
7.2	Kommunikasie, geletterdheid en taalvaardigheid	50	27.33	1
7.3	Geestes- en sosiale wetenskappe	15	8.19	4
7.4	Tegnologie	10	5.46	5
7.5	Syferbewerkings en Wiskunde	32	17.48	3
7.6	Lewensorientasie	7	3.82	7
7.7	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	10	5.46	5
7.8	Kunste en Kultuur	4	2.19	8
	Nba	11	6.03	
	N=	183	100.00	

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response, R = Rangorde

Uit Tabel 4.9 blyk dit dat die meeste respondente 50 of 27.33% onderwysers is wat vakke aanbied in die leerareas kommunikasie, geletterdheid en taalvaardigheid. Ander leerareas wat goed verteenwoordig in die steekproef is natuurwetenskappe, 44 of 24.04% en syferbewerkings en wiskunde 32 of 17.48%. Al die leerareas is betrek by die studie met die kunste en kultuur wat die swakste verteenwoordig is naamlik 11 respondente wat 6.03% verteenwoordig.

Vraag 8a.

Tabel 4.10 Is die respondente besig met verdere studie?

Vraag	f=	%
Ja	14	7.69
Nee	168	92.30
Nba	1	0.01
N=	183	100

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response, F= frekwensie van response

Slegs 7.69% (14) van die respondente (vgl. Tabel 4.10), is besig met verdere studie. Alhoewel die oorgrote meerderheid van die respondente (58%) slegs oor 'n onderwysdiploma as hoogste kwalifikasie beskik is dit teleurstellend dat die meerderheid van die respondente 168 of 92.31% nie besig met verdere studie is nie. Alhoewel Mpumalanga nie oor 'n eie universiteit beskik nie, bied verskeie universiteite, teknikons en kolleges onderwysgerigte kursusse aan in groter sentras verspreid oor Mpumalanga. Die Onderwysersentrum Middelburg word as leer- en kontaksentrum deur die Randse Afrikaanse Universiteit, Technikon SA, SACTE - South African College for Teacher Education en die Open Learning Academy effektief gebruik. Uit persoonlike gesprekke met heelwat skoolhoofde en onderwysers blyk dit dat die algemene gevoel ten opsigte van verdere studie nie positief is nie. Oor die algemeen is die persepsie dat verdere opleiding waardeloos is. Die onderwyser het vertroue in verdere opleiding verloor.

Die feit dat slegs 14 respondente (7.69%) besig is met verdere opleiding, laat by skole 'n verantwoordelikheid om deur middel van skoolgebaseerde SIDOO en DPO-programme erns te maak met die indiensopleiding van onderwysers.

Vraag 8b

Indien wel, verstrek asseblief meer besonderhede.

Tipe verdere kwalifikasie, bv. B.A.	In watter vakrigting?
--	------------------------------

Die 14 respondente (vgl. Tabel 4.10) wat besig is met verdere studie het die volgende as studierigtings aangetoon (vgl. Tabel 4.10a):

Tabel 4.10a Meer besonderhede met betrekking tot die verdere studie van dié 14 respondente

- B.A. Ed. Sielkunde
- B.Ed Onderwysbestuur
- VDO in Handelsvakke, Tegnies, Jeugweerbaarheid, Remediërende Onderwys
- N5 Rekenaarpraktyk
- B.A. Kriminologie
- B.A. Opvoedkunde
- B.A. Sielkunde
- HED English, History
- FDE Accounting
- M. Ed. Educational Management
- M. Ed.

Die meerderheid van die 14 respondente (vgl. Tabel 4.10a) is besig met onderwys- en vakgerigte tipe van verdere studie. Kursusse in die sielkunde en kriminologie is wel nie spesifiek onderwysgerig nie, maar groot dele van die inhoud is toepaslik op die onderwys. Dit wil voorkom of onder die respondente daar rief 'n sogenaamde papier-jag is wat verdere onderwys betref nie.

AFDELING B

Aspekte betreffende skoolgebaseerde SIDOO en DPO van onderwysers

Vraag 9a Het die respondente in die laaste twee jaar enige skoolgebaseerde of buiteskoolse SIDOO-programme bygewoon?

Tabel 4.11. Respondente se bywoning van SIDOO-programme

	F=	%
Ja	110	61.45
Nee	69	38.55
Nba	4	
N=	183	100.00

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, n= totale response,
F= frekwensie van response

Respondente wat SIDOO-programme bygewoon het verteenwoordig 61.45% (vgl. Tabel 4.11) van al die respondente. Net meer as 38% van die respondente het geen SIDOO-programme bygewoon nie.

Vraag 9b. Indien *nee* geantwoord op vraag 9a, verstrek asseblief redes waarom u nie bg. kursusse of programme bygewoon het nie. (U is onder geen verpligting om die vraag te antwoord nie)

Tabel 4.11a Redes verstrek waarom die respondente nie SIDOO-programme bygewoon het nie

- Nie bewus van enige kursusse of programme nie
- “No in-service training in our area”
- Afstand
- Botsing op die skoolprogram
- Geen vervoer gehad nie
- Onduidelike programdoelstellings
- Geen akkreditasie nie
- Geen kursusse in my vakgebied aangebied nie
- “We haven’t been invited to any courses”
- Onderwysers in ons skool beskik oor genoeg kennis
- Genoegsaam kennis in skool, mede onderwysers help graag
- Te besig met sportafrigting
- “Did not receive any information”
- Nog nooit gehoor van DPO nie
- Kursusse word selektief aangebied, vind vooraf uit wie die aanbieders is

Omdat die vraag geen verpligting op die respondente geplaas het nie, het slegs ‘n paar respondente redes verstrek waarom hulle nie SIDOO-programme bygewoon het nie.

Samevattend blyk dit uit die antwoorde (vgl. Tabel 4.11a) van die 38.55% respondente wat nie DPO- en SIDOO-programme bygewoon het nie dat:

- geen skoolgebaseerde DPO- en SIDOO-programme aangebied is nie;
- kommunikasie in die skool met betrekking tot buiteskoolse SIDOO-kursusse nie na wense is nie;
- SIDOO en DPO nie belangrik geag word deur skole nie.

Dit wil voorkom of die konsep SIDOO en DPO nie reg verstaan word in skoolverband nie. Dit is moeilik om te aanvaar dat daar geen geleentheid tot

personeelontwikkeling vir die 69 onderwysers, verspreid regoor die provinsie, beskikbaar was nie.

Effektiewe kommunikasie en 'n gebrek aan vertroue in die SIDOO-program en die aanbieders van die programme blyk van die belangrikste redes te wees waarom SIDOO-programme nie bygewoon is nie. Skole kan nie in isolasie indiensopleiding van hulle onderwysers hanteer nie. Skoolgroepe ("clusters") en ook buiteskoolse SIDOO-programme is 'n belangrike aanvulling vir skoolgebaseerde SIDOO van onderwysers.

Vraag 10. In watter mate het die skoolgebaseerde of buiteskoolse indiensopleidingsprogramme of kursusse wat u bygewoon het, daarin geslaag om u as onderwyser se persoonlike en professionele behoeftes te bevredig? (Merk asseblief die blokkie op u van toepassing)

Baie suksesvol		5
Suksesvol		4
Ek is onseker		3
Nie suksesvol		2
Totale mislukking, mors van tyd		1

Tabel 4.11b Die menings van respondente met betrekking tot die betekeniswaarde van SIDOO- en DPO-programme bygewoon

Vraag	F=	%	R
Baie Suksesvol	15	12.71	4
Suksesvol	25	21.19	2
Onseker	18	15.25	3
Nie suksesvol	52	44.07	1
Totale mislukking	8	6.78	5
n=	118	100.00	

Sleutel: n= totale response, F= frekwensie van response, R = rangorde

Op vraag 9a het 110 respondente (vgl. Tabel 4.11) te kenne gegee dat hul indiensopleidingsprogramme bygewoon het. Op vraag 10 het 118 respondente (vgl. Tabel 4.11b) hul menings gegee met betrekking tot die sukses van die bywoon van SIDOO- en DPO-programme. Verdere ontleding van tabel 4.11b toon aan dat

die meerderheid van die respondente, 50.85%, van mening is dat die mees onlangse bywoning van SIDOO- en DPO-programme nie suksesvol was nie of dit was 'n totale mislukking en mors van tyd. Net meer as 33% van die respondente (33.90%) is van mening dat die bywoning van SIDOO- en DPO-programme baie suksesvol of suksesvol was terwyl 18 respondente (15.25%) onseker is oor die sukses al dan nie van SIDOO- en DPO-programme wat hulle bygewoon het.

Ter verduideliking van hulle antwoorde met betrekking tot vraag 10 en saamgevat in Tabel 4.11b, gee respondente die volgende aan as redes vir hulle antwoorde, naamlik:

Tabel 4.11c Samevatting van respondente se antwoorde op vraag 10

Algemene beplanning en standaard

- Standaard is baie laag.
- “Workshops are poorly planned, without purpose.”
- Tyd kan beter in die klaskamer spandeer word.
- Gesprekke met ander onderwysers gee my die geleentheid om werk te evalueer.
- Buiteskoolse SIDOO-program deur PROTEC (NRO) aangebied was puik.
- Niemand weet wat verwag word nie.

Programinhoud

- “Applicable to current changes and challenges in education.”
- Slegs teorie gedoen, by geen praktyk uitgekom nie.
- Daar is nog te veel teorie en te min praktyk.
- Aanbieders kan nie leiding neem nie, tas te veel in die donker rond.
- Niks nuuts geleer nie.
- Het wel praktiese relevante ondervinding opgedoen.
- TO-kursusse puik. Kundiges bied dit aan.
- Geen nuwe onderrigmetodes gedemonstreer nie.
- Kursusse fokus op die onervare onderwyser, meer duidelike differensiasie.
- “No programme details available, little preparation, poorly defined goals.”
- “Presented by incompetent people. It can not be held at the same level as 3rd rate poorly trained teachers from the Ex. DET. We need differentiation.”
- Geen differensiasie nie

Programaanbieding

- “Wrong people are doing the training, they are unqualified.”
- Ondersteunend tot my onderrigtaak.
- Kursusleier langdradig en onsamehangend.
- Aanbieders nie voorbereid nie en kan nie vrae beantwoord nie.

Waarde van die program

- Kennis, idees en ervaringe word uitgeruil (TO-belangegroep).
- Dit is teenstrydig met my metodiek.
- Kursus was swak maar interaksie met ander onderwysers was leersaam.
- Kursus frustrerend, bedoel vir Ex. DET onderwysers.
- Nie gerig op leerder- en onderwyserbehoefte nie.
- Skoolgebaseerde SIDOO bly die belangrikste.
- Al die inhoud is reeds aan my bekend, leer niks nie.

Waarde van die program

- Kennis, idees en ervaringe word uitgeruil (TO-belangegroep).
- Dit is teenstrydig met my metodiek.
- Kursus was swak maar interaksie met ander onderwysers was leersaam.
- Kursus frustrerend, bedoel vir Ex. DET onderwysers.
- Nie gerig op leerder- en onderwyserbehoefte nie.
- Skoolgebaseerde SIDOO bly die belangrikste.
- Al die inhoud is reeds aan my bekend, leer niks nie.;
- “Never too old to learn.”

Veranderlikes wat ‘n program kan beïnvloed

- Word verplig om by te woon sonder ‘n werklike behoefte.
- Geen koördinering tussen aanbieders en provinsies nie.
- Taal van aanbieding is ‘n probleem.
- Nie gerig op die leerder se behoeftes nie.
- Aanbieder se vakkennis minder as ‘n beginneronderwyser se kennis.
- Polities van aard.

Vraag 11. Watter betekeniswaarde heg u as onderwyser, aan die bywoon van die mees onlangse indiensopleidingsprogram of kursusse

11.1	Inhoud
11.2	Vaardighede oorgedra
11.3	Impak op u onderrigsituasie
11.4	Werkverhouding met ander onderwysers
11.5	Kwaliteit van die aanbieding
11.6	Bronne en materiaal beskikbaar
11.7	Dokumente wat u as bronnemateriaal kon saamneem
11.8	Metode van aanbieding

Tabel 4.12 Respondente se menings met betrekking tot die betekeniswaarde van SIDOO- en DPO-programme bygewoon

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			Geen waarde		Min waarde		Waardevol			
			F=	%	F=	%	F=	%		
11.1	116	2	20	17.24	43	37.07	53	45.69	2.28	2
11.2	118	0	27	22.88	46	38.98	45	38.14	2.15	7
11.3	117	1	24	20.51	49	41.88	44	37.61	2.17	6
11.4	116	2	17	14.66	45	38.79	54	46.55	2.32	1
11.5	117	1	21	17.95	48	41.03	48	41.03	2.23	3
11.6	116	2	31	26.72	45	38.79	40	34.48	2.08	8
11.7	117	1	22	18.80	52	44.44	43	36.75	2.18	5
11.8	117	1	19	16.24	52	44.44	46	39.32	2.23	3

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Geen waarde, 2 = Min waarde, 3 = Waardevol, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Tabel 4.13. Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die betekeniswaarde van SIDOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
11.1	1.60	5	1.83	1	2.33	3	2.35	1
11.2	1.40	7	1.67	5	2.24	8	2.21	5
11.3	1.80	3	1.83	1	2.30	4	2.19	6
11.4	2.00	1	1.83	1	2.48	1	2.33	2
11.5	1.60	5	1.67	5	2.29	5	2.29	4
11.6	1.80	3	1.50	7	2.29	5	2.08	8
11.7	2.00	1	1.83	1	2.38	2	2.16	7
11.8	1.40	7	1.50	7	2.29	5	2.32	3

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Uit die ontledings in Tabel 4.12 van antwoorde op vraag 11 blyk dit dat 46.55% van die respondente van mening is dat die werkverhouding met ander onderwysers (vr. 11.4) vir hulle groot waarde het. Die meerderheid van die respondente 53.45% heg egter min of geen waarde aan werkverhouding met ander onderwysers. Die uitruil van idees en gesprekvoering is die begin van samewerkende leer en vorm 'n belangrike komponent van skoolgebaseerde SIDOO-programme en veral vir selfrefleksie en behoeftebepaling. Samewerkende leer as basis van ondersteuning vir onderwysers in die klaskamer moet skole en in skoolgroepverband versterk en uitgebou word. Die minste waarde word geheg aan vaardighede oorgedra 61.86% (vr. 11.2) en bronne en materiaal beskikbaar 65.51% (vr. 11.6). Die feit dat ook 'n lae prioriteit gegee word betreffende die impak wat die SIDOO-program op die onderrigsituasie 62.39% (vr. 11.3) het wys weer daarop dat 'n "single shot" SIDOO-program nie effektief is nie. Die teorie en demonstrasie van nuwe onderwysidees en vaardighede kan deur 'n kombinasie van die piramidemodel (par. 3.4.1 vgl. ook Figuur 3.9) en die opleiding-van-die-opleier model (par. 3.4.1.2 vgl. ook Figuur 3.10) hanteer word. Onderwysers soek meer as net teorie en demonstrasie, nuwe onderwysvaardighede verwerf deur SIDOO- en DPO-programme skep uitdagings wat praktyk kan word deur inoefening, terugvoering van prestasie en die volgehoue ondersteuning in die klaskamer. SIDOO- en DPO-modelle wat gebruik kan word om die doel te bereik, is die skoolgebaseerde DPO-model soos verduidelik in Figuur 3.11 en beskryf in paragraaf 3.4.1.3. en die Joyce en Showers-model van vaardigheidsontwikkeling (par. 3.4.4, vgl. ook Figure 3.17, 3.18 en 3.19). Die sukses van 'n SIDOO- en DPO-program hang af van deeglike behoeftebepaling. Om die rede is 'n effektiewe KPA-program (vgl. paragrawe 3.4.8 en 5.5, vgl. ook Figuur 3.27 en 5.4) vir elke skool noodsaaklik. Die respondente heg ook waarde aan die programinhoud en kwaliteit en metode van aanbieding.

Belangrik ter kennisname van skoolhoofde (Tabel 4.13) is die waarde wat onderwysers heg aan die werkverhouding met ander onderwysers (vr. 11.1). Ondersteunend tot die effektiewe werkverhouding heg onderwysers ook waarde aan die inhoudelike van die SIDOO-programme (vr. 11.1) , die metode van aanbieding

(vr. 11.8) en die kwaliteit van die aanbieding (vr. 11.5). Onderwysers heg die minste betekeniswaarde aan die kwaliteit van die dokumente wat hulle kon saamneem (vr. 11.7) en die bronne en materiaal beskikbaar gestel tydens die program. Adjunkhoofde is van mening dat die inhoud, die impak op die leersituasie, die werkverhouding met ander onderwysers en die dokumente wat hulle as bronnemateriaal kon saamneem, van groot waarde was. Die adjunkhoofde heg die minste waarde aan die metode van aanbieding en die bronne en materiaal beskikbaar tydens die SIDOO-program. Departementshoofde heg ook die meeste waarde aan die werkverhouding met ander onderwysers, die dokumente wat hulle as bronnemateriaal kon saamneem en die inhoud van die program. Vir die departementshoofde is die kwaliteit van die aanbieding, die bronne en materiaal beskikbaar tydens die SIDOO-program en die vaardighede oorgedra, nie waardevol nie.

Vraag 12a Wat is u voorkeur van tyd vir die bywoning van indiensopleidingsprogramme of kursusse? (Orden asseblief u voorkeur in prioriteit, naamlik: 1 = Laagste prioriteit en 5 = Hoogste prioriteit)

12.1	Gedurende skooltyd
12.2	Na-skool (middae of aande)
12.3	Oor naweke
12.4	In vakansies
12.5	Nie-lesdae gereserveer vir indiensopleiding

Tabel 4.14 Response van die respondente met betrekking tot hulle voorkeur ten opsigte van die bywoning van SIDOO-programme. (1 = Laagste prioriteit en 5 = Hoogste prioriteit)

Vr.	n=	1		2		3		4		5		Gem.	R
		F=	%	F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
12.1	148	16	10.81	15	10.14	51	34.46	32	21.62	34	22.97	3.36	3
12.2	156	11	7.05	6	3.85	35	22.44	61	39.10	43	27.56	3.76	2
12.3	145	8	5.52	95	65.52	28	19.31	12	8.28	2	1.38	2.34	4
12.4	145	102	70.34	19	13.10	9	6.21	5	3.45	10	6.90	1.63	5
12.5	153	10	6.54	10	6.54	21	13.73	39	25.49	73	47.71	4.01	1

Sleutel:

1 = Gedurende skooltyd, 2 = Na-skool, 3 = Naweke, 4 = Vakansies, 5 = Nie-lesdae gereserveer vir SIDOO, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die meeste respondente is van mening dat skooldae opsy gesit moet word spesifiek vir indiensopleiding (vr. 12.5) wat in ooreenstemming is met wat in Engeland die geval is. Skole is geregtig op vyf skooldae uitsluitlik vir indiensopleiding. Skole ontvang 'n begroting van of die LEA (Local Education Authority) of die FEFC (Further Education Funding Council) spesifiek vir die indiensopleiding van die onderwyser. Bewyse van die aanwending van die indiensopleidingbegroting moet ingehandig word vir kontrole deur die owerheid wat die fondse voorsien. Alle skoolgebaseerde en buiteskoolse SIDOO-programme word uit dié begroting gefinansier. Indiensopleiding kan egter nie net beperk word tot die nie-lesdae gereserveer vir die doel nie. Skoolgebaseerde SIDOO en DPO is 'n deurlopende en goedbeplande proses met die professionele onderwysersentrums as belangrike komponent in die proses (Maritz, 1997:12).

Indien die nie-lesdae vir SIDOO- en DPO-programme nie gerealiseer is nie, dan verkies die respondente om programme na skoolure by te woon. Derde op die prioriteitslys is gedurende skooltyd. Uit ervaring blyk dit dat indien 'n program langer as 'n dag duur, dan is dit effektief om in skooltyd die SIDOO-program aan te bied. Die laagste prioriteit by die respondente is dat SIDOO- en DPO-programme oor naweke en vakansies moet plaasvind.

12b Wat is u voorkeur betreffende indiensopleidingsprogramme?

12.6	Voorafbepaalde tye/Uitgewerkte programme vir 'n termyn of jaar	
12.7	Buigsame program. Kort kennisgewing	

Tabel 4.15. Respondente se voorkeur betreffende SIDOO-program beplanning

Vr.	F=	Vraag	R	%
12.6	151	Voorafbepaalde tye/Uitgewerkte programme vir 'n termyn of jaar	1	93.21
12.7	11	Buigsame program. Kort kennisgewing	2	6.79
N=	162			

Sleutel: R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die meeste respondente 93.21% is ten gunste van 'n voorafbeplande geskeduleerde SIDOO-program. So 'n program kan meer effektief gekommunikeer word aan onderwysers en maak beplanning makliker. Slegs 11 respondente of

6.79% is ten gunste van 'n buigsame program wat op kort kennisgewing aan onderwysers gekommunikeer word.

Vraag 13. Wat is u mening ten opsigte van die noodsaaklikheid van skoolgebaseerde skoolgerigte indiensopleiding van onderwysers?

Dringend noodsaaklik		3
Noodsaaklik		2
Nie noodsaaklik nie		1

Tabel 4.16. Respondente se mening betreffende die noodsaaklikheid van SIDOO-programme

Vr.	F=	Vraag	R	%
13	83	Dringend noodsaaklik	2	45.81
	92	Noodsaaklik	1	50.84
	8	Nie noodsaaklik nie	3	3.35
Nba	0			
n=	183			100.00

Sleutel:

Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale respons,

Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die meerderheid respondente (175 of 96.75%) is van mening dat skoolgebaseerde SIDOO noodsaaklik of dringend noodsaaklik is. Alhoewel nasionale en provinsiale strukture vir indiensopleiding van onderwysers nou begin ontstaan, is die opleiding en die klaskamergerigte ondersteuning van die onderwyser nog onvoldoende. Om die rede is skoolgebaseerde SIDOO-programme, waar die skool self die inisiatief neem, baie belangrik. Slegs 8 of 3.35% van die respondente is van mening dat indiensopleiding van die onderwyser nie noodsaaklik is nie.

Vraag 14 Wat is u voorkeur vir die tydsduur van 'n indiensopleidingsprogram of aktiwiteit? (Orden asseblief u voorkeur in prioriteit, naamlik 1 = Laagste prioriteit en 6 = Hoogste prioriteit)

14.1	'n Enkele oggend of middag kursus	
14.2	Enkele dag, die sg. "single shot course"	
14.3	Twee tot drie dae program	
14.4	'n Weeklange program	
14.5	'n Maandlange program	
14.6	Langer as 'n maandprogram	

Tabel 4.17. Respondente se menings met betrekking tot die tydsduur van SIDOO-programme

Vr.	F=	Vraag	Gem	R
14.1	164	'n Enkele oggend- of middagkursus	4.32	3
14.2	154	Enkele dag, die sg. "single shot course"	4.38	2
14.3	159	Twee- tot driedaeprogram	4.40	1
14.4	151	'n Weeklange program	3.53	4
14.5	147	'n Maandlange program	2.61	5
14.6	145	Langer as 'n maandprogram	2.06	6

Sleutel: Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Uit Tabel 4.17 kan afgelei word dat onderwysers hoë prioriteit plaas op 'n twee tot drie dae (vr. 14.3), 'n enkele dagprogram (vr. 14.2) en 'n enkele oggend program (vr. 14.1) vir vir SIDOO. 'n Dagprogram is effektief om relevante en noodsaaklike inligting aangaande die SIDOO-program aan onderwysers deur te gee. Werklike effektiwiteit kan nie in 'n enkele dagprogram bereik word nie. Verdere opvolgprogramme is noodsaaklik indien van 'n "single shot"-aanslag gebruik gemaak word. Teorie en demonstrasie verkry tydens die SIDOO-program kan nie effektiewe praktyk word sonder inoefening, terugvoering en volgehoue ondersteuning in die klaskamer (vgl. paragraaf 3.4.4). 'n Maandlange en langer as 'n maandprogram is die respondente se laagste prioriteit. Alhoewel Bolam se model van kort kursusse (par. 3.4.2), minimum 20 dae, effektief in Engeland gebruik word, lyk dit nie in Mpumalanga moontlik te wees nie. Skole kan nie onderwysers vir 20 skooldae verloor sonder die aanstelling van afsonderwysers nie. In Mpumalanga is die nodige bronne en veral finansies nie beskikbaar om 'n

maandprogram aan te bied nie. Veral gesien in die lig van die nuwe posvoorsieningsnorme vir skole, begrotingsprobleme en die onderwysdepartement se beleid teenoor verlof is dit moeilik om in die toekoms te verwag dat onderwysers langer as 'n paar dae van die skool sal kan wegbly. Om die rede is SIDOO-programme wat skoolgebaseer is, noodsaaklik. Volgens die model ontwikkel 'n skool sy eie SIDOO-programme (vgl. Figure 5.1 en 5.2) en betrek in die proses ander skole en vorm so skoolgroepe ("clusters"), wat die idee van samewerkende leer versterk.

Tabel 4.18. Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die tydsduur van SIDOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
14.1	4.00	3	4.60	1	4.23	3	4.34	3
14.2	4.57	2	4.50	2	4.28	2	4.38	2
14.3	4.83	1	3.50	3	4.61	1	4.40	1
14.4	3.33	4	3.10	4	3.60	4	3.56	4
14.5	2.67	5	2.80	5	2.52	5	2.61	5
14.6	2.00	6	2.50	6	2.00	6	2.04	6

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Skoolhoofde, departementshoofde en onderwysers is dit eens dat 'n program van twee tot drie dae verkieslik is. Adjunkhoofde meen egter dat 'n enkele oggend of middag genoegsaam is. Skoolhoofde, adjunkte, departementshoofde en onderwysers is van mening dat 'n maandlange program en langer as 'n maandprogram lae prioriteit geniet omdat personeelvervanging vir die meeste skole problematies is.

Vraag 15. Beskik u skool oor 'n strategiese plan vir Deurlopende Professionele Ontwikkeling vir onderwysers?

Tabel 4.19. Beskik die skool oor 'n strategiese plan vir DPO

Vraag/keuse		F=	%	R
15	Ja	62	34.25	1
	Nee	61	33.70	2
	Ek weet nie	58	32.05	3
Nba		2		
n=		181		

Sleutel:

Nba = nie beantwoord, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale respons

Slegs 34.25% of 62 respondente, vgl. Tabel 4.19, is seker dat hulle skool oor 'n strategiese plan beskik vir DPO van onderwysers. Die meerderheid van die respondente (119 of 65.74%) het *nee* of *ek weet nie* geantwoord. Hierdie respons is kommerwekkend. Skole sonder 'n skoolontwikkelingsplan (SOP) (vgl. par. 3.2.3.2 en Figuur 3.3), wat personeelontwikkeling deur SIDOO-programme insluit, sonder 'n visie en missie, beweeg in donkerte. Die moderne onderwystendense vereis deeglike effektiewe beplanning. SOP's moet ontwikkel word en gebruik word as strategiese werksdokumente, wat gereeld ge-evalueer en aangepas word om by die veranderde omstandighede aan te pas. Uit die skoolhoofde se respons verwerk in Tabel 4.20 is dit duidelik dat nie alle skole oor strategiese planne beskik nie. Die gemiddelde respons is 2.43 uit 'n moontlike 3. Teleurstellend is die gemiddelde respons van die onderwysers (1.86) wat aantoon dat onderwysers oor die algemeen *ek weet nie* of *nee* op die vraag geantwoord het. Gebrek aan kommunikasie, gebrekkige of afgewaterde deelnemende bestuur en besluitneming en gebrekkige bemagtiging van die onderwyser kan ook van die redes wees waarom veral die onderwyser (Tabel 4.20) *nee* of *weet nie* geantwoord het.

Tabel 4.20. Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik op die vraag of die skool oor 'n strategiese plan vir SIDOO beskik

	Skoolhoof	Adjunkhoof	D/Hoof	Onderwyser
Gemiddeld	2.43	2.40	2.21	1.86

Vraag 16. Indien u antwoord op vraag 15 JA is, gee dan asseblief u openhartige mening betreffende die doeltreffendheid en funksionaliteit van u skool se deurlopende professionele ontwikkelingsprogram (As dit moontlik is heg asseblief 'n afskrif van die plan of beleidsdokument aan)

Tabel 4.21. 'n Opsomming van menings verstrek deur die respondente met betrekking tot die doeltreffendheid van hulle skole se DPO- en SIDOO-programme

- Tydens oggendpersoneelvergaderings word DPO gedoen
- Na 'n kursus volg terugvoering en implementering in die klaskamer
- Tydens vakvergaderings vind DPO van onderwysers plaas
- Onderwysers word betrek by besluitneming
- Nie 'n werklike program nie, tydens vakvergaderings word opleiding verskaf
- "Notes were given out – in a teaching staff group"
- Onderwysers word deur senior onderwysers in hulle klasse besoek
- Byhou van meesterleërs, vakvergaderings en personeelvergaderings
- Volg die TO se SIDOO-programme
- Onderwysers is professioneel opgelei, SIDOO nie nodig nie
- Program is nog te jonk om kommentaar op te lewer
- Hoe SIDOO werk weet ek nie
- Ervare onderwysers tree op as mentors
- Leerders se werk word deurlopend gemonitor om standaard te toets
- Klem op taakrotasie
- Personeelforum reël een skoolgebaseerde SIDOO-program per jaar
- Nie 'n werklike kursus nie, tydens vakvergaderings word kennis en vaardighede uitgeruil

Op die vraag is wyd uiteenlopende response ontvang. Geen afskrifte van skole se strategiese planne, skoolontwikkelingsplanne of SIDOO- en DPO beleidsdokumente is ontvang nie. Uit antwoorde verskaf deur die respondente is dit duidelik dat daar geen duidelik gekommunikeerde DPO-beleid en programme by skole is nie al het die respondente Ja geantwoord. Daar bestaan ook weinig bewyse van strategiese bestuursplanne wat deel vorm van 'n skoolontwikkelingsplan.

Vraag 17. Watter tipe van plek vind u die mees geskikste vir die aanbied en of bywoon van indiensopleidingsprogramme of kursusse.

17.1	In u eie skool
17.2	'n Ander nabygeleë skool
17.3	Onderwysersentrum
17.4	Fasiliteite van die Departement van Onderwys
17.5	'n Sentrale plek
17.6	Onderwyskollege of universiteitskampus
17.7	Fasiliteite van 'n NRO (Nie-regeringsorganisasie)

Tabel 4.22. Die plek wat die respondente as effektief ervaar vir die bywoning van SIDOO- en DPO-programme

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
17.1	179	4	10	5.59	67	37.43	102	56.98	2.51	1
17.2	174	9	10	5.75	128	73.56	36	20.69	2.15	3
17.3	173	10	32	18.50	100	57.80	41	23.70	2.05	4
17.4	171	12	62	36.26	87	50.88	22	12.87	1.77	6
17.5	172	11	26	15.12	109	63.37	37	21.51	2.18	2
17.6	176	7	63	35.80	68	38.64	45	25.57	1.90	5
17.7	173	10	97	56.07	57	32.95	19	10.98	1.55	7

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Oneffektief, 2 = Effektief, 3 = Hoogs Effektief, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

“In die skool” word deur die meerderheid respondente aangetoon as die effektiefste plek vir die aanbied van SIDOO- en DPO-programme. Die skool is die werkplek van die onderwyser, hulle voel tuis in die bekende werkomgewing. Skoolgebaseerde SIDOO en DPO van die onderwyser blyk die effektiefste te wees. Buiteskoolse SIDOO-programme, as dit deeglik vooraf ondersoek is, kan verfrissend en vernuwend wees. Onderwysers het ook 'n behoefte om uit die sg. “comfort zone” van hulle skool te beweeg. Dit is juis by die geleentheid dat onderwysers met mekaar kommunikeer, gedagtes en werkbare praktyk uitruil en oorgaan tot oorkruis-skool-ondersteuning. Dit is bemoedigend dat die respondente van mening is dat 'n ander nabygeleë skool en 'n sentrale plek ook effektief is. Van die plekke wat as minder effektief deur die respondente ervaar word, is die fasiliteite van die Departement van Onderwys en die van Nie-regeringsorganisasies (NRO's). Van die

NRO's werksaam in die provinsie beskik oor moderne fasiliteite vir die aanbied van SIDOO- en DPO-programme. Gebrekkige inligting in die verband blyk 'n rede te wees vir die onderwysers se merning.

Vraag 18a Dui asseblief aan u voorkeur vir die bywoning van indiensopleidingsprogramme of kursusse.

Vraag 18b Dui asseblief aan u voorkeur wat beleid betref ten opsigte van indiensopleiding van onderwysers.

Tabel 4.23 Onderwysers se menings met betrekking tot die bywoning van SIDOO-programme en waar SIDOO-beleid gesentraliseer moet wees

Vr.	F=	Vraag	%
18a	141	Uit eie wil of behoefte	77.47
	41	Verplichtend	22.53
n=	182		

18b	32	Gesentraliseer op nasionale vlak	17.87
	41	Gesentraliseer op provinsiale vlak	22.91
	106	Gedesentraliseer op skoolvlak	59.22
n=	179		

Sleutel: n= Totale response, F= frekwensie, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Uit die response is dit duidelik dat onderwysers graag SIDOO- en DPO-programme wil bywoon uit eie wil en na gelang van behoefte. Dit onderstreep weer eens die belangrikheid van 'n deeglike goedbeplande skoolgebaseerde SIDOO-behoeftebepalingsprogram. Onderwysers is ook van mening dat SIDOO-beleid afgewentel moet word na die skool. Hierdie mening uitgespreek deur 59.22% van die respondente versterk die beginsel van skoolgebaseerde SIDOO en is ondersteunend tot die response verkry op vraag 17.1 en verwerk in Tabel 4.22, dat SIDOO meer effektief is in die onderwyser se werkomgewing naamlik die skool. Gebrek aan fondse blyk die rede te wees waarom skoolgebaseerde SIDOO- en DPO-programme nie tot op hoogste vlakke aangebied sal kan word nie. As gevolg van begrotings- en bestuursprobleme blyk die stelsel van 'n begroting aan skole

slegs vir indiensopleiding van onderwysers in die verre toekoms. Slegs 22.53% en 17.88% van die respondente is onderskeidelik ten gunste van verpligte SIDOO- en DPO-programme en dat indiensopleidingsbeleid gesentraliseer moet wees op nasionale vlak

Vraag 19. Dui asseblief aan die prioriteit wat u sal verleen aan die ondersteuning van indiensopleidingsprogramme en kursusse.
(Toon asseblief u prioriteit vir ondersteuning vir elk van die onderstaande aspekte.)

19.1	Skoolgebaseerde skoolgerigte indiensopleiding (In die skool)
19.2	Skoolgebaseerde projekte
19.3	Wyer professionele groepaktiwiteite, bv. Middelburg, Kring 1, Geskiedenis Professionele Groep
19.4	Buiteskoolse indiensopleiding bv. Onderwysersentrum programme
19.5	Sekondering na 'n ander skool vir 'n termyn of langer
19.6	Lesingmetode by kursusse
19.7	Seminare
19.8	Werkwinkels/groepwerk
19.9	Kennisverryking
19.10	Verbetering van prestasie en onderwysvaardigheid
19.11	Opgradering van professionele kennis en vaardighede
19.12	Nuwe onderrigmetodes
19.13	Verbetering van bestuursvaardighede
19.14	Verbetering van leierskapsvaardighede
19.15	Hulp tot die verstaan van K2005,

Tabel 4.24 Respondente se menings met betrekking tot prioriteite vir SIDOO-programme

Vr.	N=	Nba	1 Lae prioriteit		2 Matige Prioriteit		3 Hoë prioriteit		Gem	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
19.1	181	2	6	3.31	39	21.55	136	75.14	2.72	2
19.2	180	3	15	8.33	64	35.56	101	56.11	2.48	10
19.3	180	3	25	13.89	95	52.78	60	33.33	2.19	11
19.4	179	4	57	31.84	84	46.93	38	21.23	1.89	14
19.5	178	5	13 7	76.97	29	16.29	12	6.74	1.30	15
19.6	179	4	51	28.49	91	50.84	37	20.67	1.92	13
19.7	179	4	29	16.20	109	60.89	41	22.91	2.07	12
19.8	181	2	11	6.08	59	32.60	111	61.33	2.55	9
19.9	179	4	6	3.35	46	25.70	127	70.95	2.68	4
19.10	179	4	7	3.91	45	25.14	127	70.95	2.67	5
19.11	181	2	6	3.31	39	21.55	136	75.14	2.72	2
19.12	181	2	4	2.21	42	23.20	135	74.59	2.72	1
19.13	181	2	10	5.52	56	30.94	115	63.54	2.58	8
19.14	180	3	11	6.11	53	29.44	116	64.44	2.58	7
19.15	180	3	13	7.22	38	21.11	129	71.67	2.64	6

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Matige prioriteit, 3 = Hoë prioriteit,

Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Alhoewel die ontledings van die gemiddelde tellings uit 'n moontlike 3 baie naby aan mekaar is, is dit tog moontlik om van die menings met betrekking tot vraag 19 te beklemtoon. Onderwysers is van mening dat hulle hoë prioriteit sal verleen aan die verwerwing van nuwe onderrigmetodes en vaardighede (vr. 19.12), opgradering van professionele kennis (vr. 19.11), skoolgebaseerde SIDOO-programme (vr. 19.1), kennisverryking (vr. 19.4) oor die algemeen en die verbetering van prestasie en onderwysbeleid (vr. 19.10). Slegs op drie vrae is die response se gemiddelde tellings uit 'n moontlike 3 minder as 2, wat beteken dat die onderwysers lae tot matige prioriteit aan die afdelings sal verleen. Dié drie vrae is vraag 19.4 (1.89) met betrekking tot buiteskoolse SIDOO, vr. 19.5 (1.30) wat handel oor sekondering na 'n ander skool en vr. 19.6 (1.92) lesing metode by kursusse. Die feit dat 78.77% of

144 van die respondente lae tot matige prioriteit sal verleen aan buiteskoolse SIDOO-programme en dat 96.69% van die respondente matige tot hoë prioriteit sal plaas op skoolgebaseerde SIDOO-programme versterk die gebruik van die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging soos verduidelik in Hoofstuk 5.

Tabel 4. 25

Analiserings van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot hulle prioriteite vir SIDOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
19.1	2.86	4	2.50	7	2.67	4	2.74	1
19.2	2.57	9	2.10	11	2.39	9	2.52	9
19.3	2.00	12	2.20	10	2.06	11	2.24	11
19.4	2.00	12	1.60	14	1.88	13	1.91	14
19.5	1.71	15	1.30	15	1.21	15	1.30	15
19.6	2.00	12	1.90	12	1.61	14	2.00	13
19.7	2.29	11	1.90	12	1.97	12	2.09	12
19.8	2.43	10	2.60	5	2.52	7	2.56	7
19.9	2.71	7	2.40	9	2.67	4	2.70	4
19.10	2.86	4	2.44	8	2.52	7	2.72	3
19.11	2.71	7	2.67	3	2.67	4	2.73	2
19.12	3.00	1	2.78	2	2.76	1	2.70	5
19.13	3.00	1	2.67	3	2.73	2	2.52	10
19.14	3.00	1	2.56	6	2.73	2	2.53	8
19.15	2.86	4	2.89	1	2.36	10	2.69	6

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Uit die ontleding van Tabel 4.25 blyk dit dat skoolhoofde hoë prioriteit verleen aan bestuursaspekte soos die verbetering van bestuurs- en leierskapsvaardighede (vgl. vrae 19.13 en 19.14). Hulle verleen ook hoë prioriteit aan nuwe onderrigmetodes (vr. 19.12), skoolgebaseerde SIDOO (vr. 19.1) en hulp tot die verstaan van K2005 (vr. 19.15). Adjunkhoofde daarenteen sal hoë prioriteit verleen aan hulp kry tot die verstaan van K2005 (vr. 19.15) terwyl hulle en die departementshoofde van mening is dat nuwe onderrigmetodes (vr. 19.12), die verbetering van bestuursvaardighede (vr. 19.13) en die opgradering van professionele kennis en vaardighede (vr. 19.11) hoë prioriteit by hulle sal wees. Onderwysers fokus sterk op die volgende aspekte

prioriteit in die klaskamer byvoorbeeld skoolgebaseerde SIDOO-programme (vr. 19.1), opgradering van professionele kennis en vaardighede (vr. 19.11) en die verbetering van prestasie en onderwysvaardigheid (vr. 19.10). Hierdie behoefte deur die grootste groep respondente is insiggewend. Dit bevestig weer eens die behoefte aan skoolgebaseerde SIDOO- en DPO-programme wat fokus op die verbetering van prestasie en wat waarde toevoeg tot die onderwyser se professionele werk. 'n Klaskamergerigte Prestasiebestuuranalyse (KPA) soos verduidelik in par. 3.4.8 en breedvoerig verduidelik in par. 5.5 vgl. ook Figure 5.4, kan in kombinasie met van die ander SIDOO-modelle soos die piramide model (vgl. paragraaf 3.4.1 en Figuur 3.12) die Joyce en Showers-model (vgl. par. 3.4.4 en Figure 3.17, 3.18 en 3.19) gebruik word as SIDOO-program modelle om in die SIDOO-behoefte van onderwysers te voorsien. Die skoolgerigte en skoolgebaseerde modelle van waardetoevoeging soos verduidelik in paragrawe 5.2, 5.3 en 5.5, vgl. ook Figure 5.1 en 5.2 kan ook effektief in kombinasie met die KPA-program gebruik word om in die onderwysers se SIDOO-behoefte te voorsien. Skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers is van mening dat die sekondering na 'n ander skool (vr. 19.5) en buiteskoolse indiensopleiding (vr. 19.4) 'n laer prioriteit is.

Vraag 20 Na u mening, wat moet die betrokkenheid wees van die ondergenoemde by die beplanning en bepaling van program- of kursus-inhoude vir indiensopleiding van onderwysers?

20.1	Skoolhoof
20.2	Skoolbestuurspan
20.3	Onderwysers
20.4	Nie-regeringsorganisasies "NGOs"
20.5	Provinsiale Onderwysdepartement
20.6	Distriks- en Kringbestuurders
20.7	Vakadviseurs

Tabel 4.26 Wie moet betrokke wees by die beplanning en bepaling van SIDOO-program- of kursusinhoude?

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			Geen rol		Minimum bydrae		Belangrike rol			
		F=	F=	%	F=	%	F=	%		
20.1	182	1	10	5.49	33	18.13	139	76.38	2.71	3
20.2	182	1	19	10.44	54	29.67	109	59.89	2.49	4
20.3	183	0	3	1.64	23	12.57	157	85.79	2.84	1
20.4	180	3	77	42.78	73	40.56	30	16.67	1.74	7
20.5	181	2	17	9.39	87	48.07	77	42.54	2.33	5
20.6	181	2	27	14.92	78	43.09	76	41.99	2.27	6
20.7	181	2	7	3.87	24	13.26	150	82.87	2.79	2

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Geen rol, 2 = Minimum bydrae, 3 = Belangrike rol, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na 'n ontleding van Tabel 4.25 is die meeste respondente (157 of 85.79%) van mening dat onderwysers 'n belangrike rol moet speel in die bepaling van SIDOO-programinhoud (vr. 20.3) en dat hulle ook deel moet wees van die beplanning daarvan. Selfrefleksie is 'n belangrike komponent van behoeftebepaling. Selfrefleksie vorm 'n belangrike komponent van die Eraut-model van die nadenkende professionele onderwyser soos beskryf in par. 3.4.6 en klaskamergerigte navorsing (vgl. par. 3.4.7 en Figuur 3.27). Die KPA-program van waardetoevoeging (vgl. par. 3.4.8 en 5.5 en Figure 3.27. 5.4 en 5.6) fokus sterk op die selfrefleksie (sien Bylaag E) as vertrekpunt van professionele ontwikkeling en dit is ook die begin van die bemagtigingsproses van die onderwyser. 'n Sterk meerderheidsmening is deur respondente uitgespreek met betrekking tot die geen of minimum rol wat Nie-regeringsorganisasies (150 of 83.34%) vgl. vraag 20.4, distriksbestuurders en kringbestuurders (105 of 58.01%) vgl. vraag 20.6 en die provinsiale onderwysdepartement (94 of 57.46%) vgl. vraag 20.5 moet speel in die proses om SIDOO-programme te beplan. Moeilik om te verstaan is die respons met betrekking tot vraag 20.7 waar meer as 82% of 150 van die respondente van mening is dat die vakadviseurs 'n belangrike rol moet speel in die proses om

SIDOO-programme te beplan maar aan die ander kant moet die departement van onderwys (vgl. vr. 20.5) nie 'n prominente rol speel in die proses nie.

Tabel 4.26a Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die rol wat elk moet speel in die bepaling van SIDOO-program-inhoude

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
20.1	3.00	1	2.70	4	2.64	3	2.71	3
20.2	2.71	4	2.80	2	2.73	2	2.40	4
20.3	2.86	3	2.90	1	2.76	1	2.86	1
20.4	2.00	7	1.40	7	1.70	7	1.76	7
20.5	2.29	5	2.30	5	2.12	5	2.39	5
20.6	2.29	5	2.00	6	2.06	6	2.34	6
20.7	3.00	1	2.80	2	2.61	4	2.82	2

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Skoolhoofde is van mening dat hulleself (vr. 20.1) en die vakadviseurs (vr. 20.7) die belangrikste rolspelers moet wees in die proses van SIDOO-programbeplanning, terwyl die adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers meen dat onderwysers die belangrikste rol moet speel in die proses (vr. 20.3). Om die rede is behoeftebepaling 'n kollektiewe proses met alle onderwysers vennote daarom kan die skoolhoof alleen nie die indiensopleidingsbehoefte van die onderwyser bepaal nie. Behoeftebepaling sluit ook 'n proses van selfrefleksie en terugvoering in. Om die rede is 'n KPA-program vir skole noodsaaklik.

Vraag 21. Evalueer asseblief die volgende as moontlike metodes om u vakkennis op te gradeer. (Toon asseblief u mening aan vir elk van die onderstaande aspekte)

21.1	In-skool aktiewe groepleeravonds
21.2	Onderwysgerigte joernale en tydskrifte
21.3	TV/Video/Radio
21.4	Onderwyskolomme in koerante
21.5	Verdere onderwys, verdere studie
21.6	Bywoning van indiensopleidingprogramme en kursusse
21.7	Professionele nuusblad bv. Mondstuk e.a.
21.8	Personeelvergaderings
21.9	Insette van vakadviseurs
21.10	Skoolgebaseerde vakvergaderings
21.11	Besoeke aan onderwysgerigte uitstallings, industrieë en handel om nuwe tegnologie en denkwyses te ervaar
21.12	Besoeke aan ander onderwysinstellings om onderrig in jou vakgebied waar te neem
21.13	Nie een van bg. nie (Spesifiseer asseblief)

Tabel 4. 27 Respondente se evaluering van moontlike metodes om vakkennis op te gradeer

Vr.	N=	Nba F=	1 Oneffektief		2 Effektief		3 Hoogs effektief		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
21.1	178	5	26	14.61	100	56.18	52	29.21	2.15	8
21.2	181	2	36	19.89	100	55.25	45	24.86	2.05	10
21.3	182	1	22	12.09	95	52.20	65	35.71	2.24	6
21.4	180	3	56	31.11	97	53.89	27	15.00	1.90	12
21.5	181	2	11	6.08	88	48.62	82	45.30	2.39	2
21.6	180	3	8	4.44	72	40.00	100	55.56	2.51	1
21.7	181	2	52	28.73	93	51.38	36	19.89	1.91	11
21.8	180	3	49	27.22	76	42.22	55	30.56	2.09	9
21.9	181	2	18	9.94	87	48.07	76	41.99	2.32	3
21.10	181	2	21	11.60	90	49.72	70	38.67	2.27	5
21.11	183	0	19	10.38	91	49.73	73	39.89	2.30	4
21.12	181	2	28	15.47	84	46.41	69	38.12	2.23	7
21.13	0	0	0	0	0	0	0	0	0	13

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Oneffektief, 2 = Effektief, 3 = Hoogs Effektief, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na 'n ontleding van die data in Tabel 4.27 blyk dit dat die volgende aspekte deur die respondente as *effektief* en *hoogs effektief* geag word as metodes om hulle vakkennis op te gradeer, naamlik

- Die bywoning van indiensopleidingsprogramme en kursusse 172 of 95.56% van die respondente vgl. vraag 21.6. Slegs 8 (4.44%) van die respondente evalueer SIDOO-programme as oneffektief;
- Verdere onderwys en studie (vgl. vraag 21.5, 170 of 93.92%);
- Insette van vakadviseurs – 90.86% (vgl. vr. 21.9);
- Besoeke aan onderwysgerigte uitstallings, industrie en handel – 89.62%(vgl. vr. 21.11);
- Skoolgebaseerde vakvergaderings – 88.39% (vgl. vr. 21.10); en
- TV, radio en video – 160 of 87.91% (vgl. vr. 21.3).

Dit is interessant om die respondente se antwoord op vraag 8a (Tabel 4.10), naamlik “Is u tans besig met verdere studie” hier in verband te bring. Vier en negentig persent van die respondente is van mening is dat verdere studie effektief of hoogs effektief is om vakkennis uit te brei, maar op vraag 8a het die respondente aangedui dat slegs 7.69% of 14 respondente besig is met verdere opleiding - dit ten spyte van die feit dat die meeste respondente (105 of 58.01% vgl. Tabel 4.7) oor 'n onderwysdiploma as hoogste kwalifikasie beskik. Die menings dui op 'n diskrepansie tussen die menings en die praktyk.

Die feit dat 88% van die respondente die televisie, radio en video's as *effektief* of *hoogs effektief* evalueer (vgl. vr. 21.3 in Tabel 4.27) om vakkennis op te gradeer, laat die deur oop vir verdere tegnologiese benutting, veral die Internet, om moontlik SIDOO-programme op nasionale vlak aan te bied op kanale toeganklik vir die meeste onderwysers. Die massafikasie van onderwys deur byvoorbeeld die Liberty Life Learning Channel op TV kan verfyn word om ook meer op die professionele behoeftes van die onderwyser te fokus.

Onderwyskolomme in koerante (vr. 21.4) word deur 31.11% van die respondente as oneffektief ervaar, terwyl 28.73% of 52 respondente professionele nuusblaaie (vr.

21.7) as oneffektief evalueer om hul vakkennis op te gradeer en 27.22% of 49 respondente evalueer personeelvergaderings (vr. 21.8) as oneffektief in die verband.

Tabel 4.28 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik ten opsigte van maontlike metodes om vakkennis op te gradeer

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
21.1	2.29	7	2.33	4	2.00	9	2.16	8
21.2	2.29	7	1.90	11	2.09	7	2.04	10
21.3	2.14	10	2.30	5	2.30	4	2.22	6
21.4	2.14	10	1.70	12	1.85	11	1.91	11
21.5	2.86	1	2.50	2	2.44	2	2.35	3
21.6	2.57	4	2.70	1	2.55	1	2.48	1
21.7	2.14	10	2.00	10	1.85	11	1.91	11
21.8	2.29	7	2.10	9	2.09	7	2.08	9
21.9	2.43	5	2.30	5	2.18	6	2.35	2
21.10	2.86	1	2.40	3	2.42	3	2.19	7
21.11	2.43	5	2.30	5	2.21	5	2.31	4
21.12	2.71	3	2.30	5	2.00	9	2.25	5

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Uit die data aangetoon in Tabel 4.28 kan afgelei word dat skoolhoofde verdere onderwys (vr. 21.5), vakvergaderings (vr. 21.10) en besoeke aan ander onderwysinstellinge (vr. 21.11) evalueer as effektief om vakkennis op te gradeer. Daarenteen heg die adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers meer waarde aan die bywoning van SIDOO-programme (vr. 21.6) en verdere onderwys (vr. 21.5) as effektiewe metodes om hul vakkennis op te gradeer. Onderwysers evalueer ook die insette van vakadviseurs (vr. 21.9) as effektief. Skoolhoofde evalueer die televisie, radio, video's (vr. 21.3) en onderwyskolomme in koerante (vr. 21.4) asook die professionele nuusblaai (vr. 21.7) as oneffektief om vakkennis op te gradeer. Onderwysers en adjunkhoofde evalueer personeelvergaderings (vr. 21.8) as oneffektief. Die response ten opsigte van die gedrukte media en veral onderwysgerigte joernale en tydskrifte wat veral deur onderwysers as oneffektief ge-evalueer is, kan dui op ontoeganklikheid, nie

beskikbaar of gebrekkige finansies om daarop in te teken. Vakgerigte tydskrifte is 'n noodsaaklikheid vir onderwysers wat werklik belangstel om op hoogte te bly van veranderinge in die vakgebied. Skole moet erns maak om op vakgebied op ten minste een tydskrif in te teken. Die projek kan aan 'n klaskamergerigte navorsingsprogram soos beskryf in par. 3.4.7 en verduidelik deur Figure 3.25 en 3.26 gekoppel word. Om werklik op die hoogte te bly van veranderinge en vernuwing moet mediasentrums opgegradeer word en omskep word in leersentrums waar onderwysers en leerders deur die dag elke dag kan nalees of navorsing doen. Dit sal beteken dat mediasentrums jaarliks toegerus moet word met nuwe vak- en professioneelgerigte naslaanwerke.

Vraag 22 Is u tans betrokke met/by/die: (Werk asseblief u respons uit op die 1-tot-5 puntskaal deur vir elk van die volgende aspekte 'n puntwaarde toe te ken volgens u eie oordeel)

		Onaktief			Baie aktief	
22.1	Opgradering van u vakkennis	1	2	3	4	5
22.2	Opgradering van u didaktiese vaardighede	1	2	3	4	5
22.3	Voortdurende hersiening van u onderrigstrategie as gevolg van terugvoering	1	2	3	4	5
22.4	Lees van relevante vak- en onderwysgerigte literatuur	1	2	3	4	5
22.5	Voortdurende gesprekke met vakgenote van ander skole	1	2	3	4	5
22.6	Besoek gereeld onderwysverwante uitstallings asook privaatsektor om nuwe tegnologie en metodiek te ervaar	1	2	3	4	5
22.7	Besoek ander onderwysinstansies om onderrig in my vakgebied waar te neem "mutual observation" pare observasie	1	2	3	4	5
22.8	Bywoning van vakgerigte werkwinkels en seminare	1	2	3	4	5
22.9	Voortdurende identifisering van leerderbehoefte	1	2	3	4	5

Tabel 4.29 Respondente se menings ten opsigte van hulle betrokkenheid by onderwysgerigte aktiwiteite

Vr.	n=	1		2		3		4		5		Gem	R
		Onaktief								Baie aktief			
		F=	%	F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
22.1	181	17	9.39	21	11.60	66	36.46	50	27.62	27	14.92	3.27	5
22.2	180	18	10.0	26	14.44	76	42.22	41	22.78	19	10.56	3.09	6
22.3	180	10	5.56	22	12.22	61	33.89	70	38.89	17	9.44	3.34	4
22.4	179	7	3.91	29	16.20	50	27.93	67	37.43	26	14.53	3.42	2
22.5	179	12	6.70	30	16.76	49	27.37	61	34.08	27	15.08	3.39	3
22.6	179	53	29.61	56	31.28	43	24.02	19	10.61	8	4.47	2.29	8
22.7	180	75	41.67	58	32.22	31	17.22	11	6.11	5	2.78	1.96	9
22.8	180	32	17.78	45	25.00	49	27.22	35	19.44	19	10.56	2.80	7
22.9	180	10	5.56	16	8.89	37	20.56	85	47.22	32	17.78	3.63	1

Sleutel:

1 = Onaktief, 5 = Baie aktief, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

'n Ontleding van Tabel 4.29 toon aan dat die respondente oor die algemeen betrokke is by professionele aangeleenthede en hulle is veral ook aktief betrokke by die voortdurende identifisering van leerderbehoefte (vr. 22.9), die lees van relevante vak- en onderwysgerigte literatuur (vr. 22.4) en gesprekke met vakgenote van ander skole (vr. 22.5). Die lees van relevante vak- en onderwysgerigte literatuur (vr. 22.4) is in ooreenstemming met die menings uitgespreek op vraag 21.2 en geanaliseer in Tabel 4.27 wat toon dat 145 respondente of 80.11%, onderwysgerigte joernale en tydskrifte as effektief of hoogs effektief evalueer om vakkennis op te gradeer. Respondente is ook aktief betrokke in gesprekke met onderwysers van ander skole en voortdurende hersiening van hulle onderrigstrategie as gevolg van terugvoering (vr. 22.3). Uit Tabel 4.29 blyk dit dat die respondente onaktief is om ander onderwysinstansies te besoek (vr. 22.7) om onderrig in hulle vakgebied waar te neem, terwyl 153 of 84.53% van die respondente op vraag 21.12 (Tabel 4.27) besoeke aan onderwysinstellinge om onderrig in hulle vakgebied waar te neem as *effektief* of *hoogs effektief* evalueer. Indien sulke besoeke wel plaasgevind het dan kan die effek daarvan bepaal word, terwyl vraag 22.7 in Tabel 4.29 die teendeel bewys.

Tabel 4.30. Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die betrokkenheid van die respondente by onderwysgerigte aangeleenthede

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
22.1	4.14	4	3.10	5	3.06	5	3.29	5
22.2	3.50	9	3.00	6	3.06	5	3.09	6
22.3	3.67	6	3.50	2	3.30	3	3.33	4
22.4	4.17	3	3.50	2	3.44	2	3.38	3
22.5	4.33	1	3.30	4	3.21	4	3.40	2
22.6	4.00	5	2.40	8	2.18	8	2.23	8
22.7	3.67	6	2.20	9	1.79	9	1.91	9
22.8	3.67	6	2.90	7	2.88	7	2.73	7
22.9	4.33	1	3.70	1	3.52	1	3.62	1

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die voortdurende identifisering van leerderbehoefte (vgl. vr. 22.9) word deur sowel skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers aangetoon as 'n aspek van onderwys waarin hulle baie aktief is. Skoolhoofde se gemiddelde respons op vraag 22.9 (vgl. Tabel 4.30) is 4.33 op 'n vyfpuntskaal wat aandui dat hulle as groep sterk fokus op die voortdurende identifisering van leerderbehoefte (vgl. par. 3.3.3 en Figuur 3.8). In die skoolgebaseerde SIDOO-model van waardetoevoeging in Figuur 5.2 en verduidelik in par. 5.4 word sterk klem geplaas op totale skoolontwikkeling aan die hand van 'n skoolontwikkelingsplan (vgl. paragrawe 3.2.3.2 en 3.2.3.3 en Figure 5.5). Een van die belangrikste fokuspeunte in die model is die identifisering van skoolbehoefte (vgl. par. 2.5.1.7 en 3.3.3 en verduidelik in Figure 5.2 en 5.4) wat leerderbehoefte ook insluit. Die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging kan die onderwyser ondersteun in die verdere verfyning van die proses om leerderbehoefte te bepaal. Die SIDOO-aktiwiteit kan ook in verband gebring word met 'n program van selfrefleksie volgens Michael Eraut se model van die reflekerende en nadenkende professionele onderwyser (Figuur 3.22 en beskryf in par. 3.4.6) en die skoolgebaseerde SIDOO-model van waardetoevoeging (Figuur 5.2) soos verduidelik in par. 5.4. Verdere ontleding van Tabel 4.30 toon aan dat skoolhoofde en onderwysers ook aktief

betrokke is by gesprekke met vakgenote van ander skole (vgl. vr. 22.5). Skoolhoofde (vgl. vr. 22.2, Tabel 4.30) toon ook aan (gemiddelde respons 3.50 uit 'n moontlike vyf) dat hulle as groep nie baie aktief betrokke is by die opgradering van hulle didaktiese vaardighede nie. As in ag geneem word dat 'n stelsel van klasbesoek en lesobservasie deur 'n skoolhoof nog in sekere skole in Mpumalanga in gebruik is, is dit kommerwekkend dat skoolhoofde nie geïnteresseerd is om aktief hul didaktiese vaardighede oor die wye spektrum van die skoolkurrikulum op te skerp nie. In 'n effektiewe KPA-program (vgl. paragrawe. 3.4.8, 3.4.8.2 en Figure 3.30 en 5.4) is dit vir die skoolhoof moontlik om die KPA-proses te monitor en meer tyd dan aan skoolbestuur af te staan.

Adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers is onaktief ten opsigte van besoeke aan ander onderwysinstansies om onderrig in hulle vakgebied waar te neem, met ander woorde pare observasie (vgl. vr. 22.7). Hierdie situasie laat ernstige vrae ontstaan oor die kultuur van samewerkende leer en of so 'n kultuur wel bestaan. Onderwysers kan baat om binne 'n skoolgroep op gereelde basis met ander onderwysers te skakel en die hulp in te roep van meer ervare onderwysers. Skole moet die inisiatief neem en van kundige onderwysers binne die skoolgroep gebruik maak om SIDOO-programme aan te bied met die SIDOO-model van waardetoevoeging (vgl. paragrawe 5.2, 5.3 en 5.4 en Figuur 5.2) as basis.

Vraag 23a. Beskik u skool oor 'n strategiese plan vir die professionele evaluering van onderwysers?

Ja		3
Nee		2
Ek weet nie		1

Vraag 23b Is u in die afsienbare verlede in u klaskamer of in skoolverband professioneel ge-evalueer?

Ja		3
Nee		2
Ek weet nie		1

Tabel 4.31 Beskik die skole oor 'n strategiese plan vir professionele evaluering en is die respondente in die afsienbare verlede in die klaskamer professioneel ge-evalueer.

Vr.	N=	Nba	1		2		3	
			Ek weet nie		Nee		Ja	
			F=	%	F=	%	F=	%
23a	180	3	33	18.33	32	17.78	115	63.89
23b	180	3	12	6.67	46	25.56	122	67.78

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.31 blyk dit dat die meerderheid van die respondente 115 of 63.89% (vgl. vr. 23a) daarvan bewus is dat hulle skole 'n strategiese plan vir professionele evaluering in plek het en dat 122 of 67.78% van die respondente in klaskamer- of skoolverband professioneel ge-evalueer is (vgl. vr. 23b). Daarenteen het 36.11% of 65 respondente *nee* of *ek weet nie* geantwoord op die vraag of hulle skool oor 'n strategiese plan beskik vir die professionele evaluering van die onderwyser (vgl. vr. 23a). Ook het 58 of 32.23% van die respondente *nee* of *ek weet nie*, ge-antwoord op die vraag of hulle in die afsienbare verlede professioneel in die klaskamer ge-evalueer is. In die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging (Figuur 5.2) is lesobservasie en die insameling van inligting (Figuur 5.4 en vgl. Fase III soos beskryf in par. 5.5.1.4) 'n belangrike komponent in die professionele ontwikkeling van die onderwyser.

Tabel 4.31a Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot vraag 23a of skole oor 'n strategiese plan vir professionele evaluering van die onderwyser beskik

	Gem.
Skoolhoof	2.86
Adunkhoof	2.90
D/Hoof	2.52
Onderwyser	2.38

Sleutel: Gem. = Gemiddelde telling

Na 'n ontleding van Tabel 4.31a en meer spesifiek die ontleding van die skoolhoofde se gemiddelde respons (2.86 uit 'n moontlike 3) kan die afleiding gemaak word dat nie alle skole oor 'n strategiese plan vir die professionele evaluering van die onderwyser beskik nie. Die onderwyser se gemiddelde respons 2.38 uit 'n moontlike 3 versterk die afleiding. Die adjunkhoofde se gemiddelde respons (vgl. Tabel 4.31a) op dieselfde vraag is hoër as dié van die skoolhoofde. Meeste skole beskik wel oor 'n strategiese plan vir die professionele evaluering (vgl. Tabel 4.31) maar aan die ander kant wil dit ook voorkom of daar 'n kommunikasiegaping of misverstande bestaan betreffende die planne omdat meer as 36% van die respondente op Vraag 23a *nee* of *weet nie* ge-antwoord het en dat die ontleding van Tabel 4.31a die afleiding versterk.

Tabel 4.31b Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot vraag 23b of respondente in die afsienbare verlede professioneel in die klaskamer ge-evalueer is

	Gem.
Skoolhoof	2.67
Adjunkhoof	2.50
D/Hoof	2.58
Onderwyser	2.63

Sleutel: Gem. = Gemiddelde telling

Na ontleding van Tabel 4.31 kan afgelei word dat daar onsekerheid is by die respondente met betrekking tot die klaskamergerigte professionele evaluering van onderwysers (vgl. vr. 23b). Na ontleding van Tabel 4.31b versterk dit die persepsie dat daar met betrekking tot professionele evaluering van onderwysers onsekerheid heers. Die gemiddelde respons van onderwysers is 2.63 uit 'n moontlike 3 en dit wys dat die meeste onderwysers wel professioneel in die klas ge-evalueer is maar Tabel 4.31 toon aan dat meer as 32% van die respondente op die vraag *nee* of *ek weet nie* ge-antwoord het. Die skoolgerigte model van waardetoevoeging het as basis 'n KPA-program (par. 5.5 vgl. ook Figuur 5.4). In Fase I, Klimaatskepping word die hele proses in totaliteit en in besonderhede met die onderwysers bespreek en alle

onduidelikheid word uitgeklaar (vgl. ook par. 3.4.8). Die KPA-program as deel van 'n omvattende DPO-program fokus nie net op die professionele ontwikkeling van die onderwyser nie, maar loop hand aan hand met skoolontwikkeling (vgl. Figuur 3.28).

Vraag 23c 'n Effektiewe skoolgebaseerde professionele evalueringsproses kan meehelp tot professionele ontwikkeling by die onderwyser. Wat is u mening met betrekking tot wat die ondergenoemde as moontlike uitkomste van deurlopende professionele evaluasie op u as persoon en u onderwystaak het of sal hê?

23c.1	Bewuswording van my sterkpunte en swak punte
23c.2	Dit is 'n geleentheid om my onderwystaak met topbestuur te bespreek
23c.3	Dit is 'n geleentheid om probleemareas met my lynbestuurder te bespreek
23c.4	Dit bied my 'n geleentheid om my loopbaanontwikkeling met topbestuur te bespreek
23c.5	As onderwyser is ek deur die proses gemotiveerd vir my taak
23c.6	Die proses lei tot verhoogde werkprestasie en werkbevrediging
23c.7	Die proses lei tot verbeterde voorsiening van indiensopleiding in skole
23c.8	Dit verbeter leerderprestasie
23c.9	Dit verbeter die kwaliteit en standaard van onderwys
23c.10	Die proses lei tot verhoogde professionele gewaarwording

Tabel 4.32 Respondente se menings ten opsigte van moontlike uitkomst van professionele evaluasie

Vr.	N=	Nba	1 Nee		2 Onseker		3 Ja		4 Sterk ja		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
23c.1	179	4	14	7.82	5	2.79	97	54.19	63	35.20	3.17	2
23c.2	179	4	13	7.26	18	10.06	104	58.10	44	24.58	3.00	4
23c.3	179	4	12	6.70	20	11.17	105	58.66	42	23.46	2.99	5
23c.4	179	4	21	11.73	29	16.20	86	48.04	43	24.02	2.84	9
23c.5	180	3	18	10.00	28	15.56	84	46.67	50	27.78	2.92	7
23c.6	179	4	21	11.73	30	16.76	67	37.43	61	34.08	2.94	6
23c.7	179	4	18	10.06	30	16.76	90	50.28	41	22.91	2.86	8
23c.8	179	4	15	8.38	38	21.23	88	49.16	38	21.23	2.83	10
23c.9	179	4	11	6.15	14	7.82	85	47.49	69	38.55	3.18	1
23c.10	179	4	12	6.70	27	15.08	83	46.37	57	31.84	3.03	3

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Tabel 4.33 Samevatting en posisionering van die respondente se Ja en Sterk ja antwoorde op vraag 23c

Vraag	23c1	23c2	23c3	23c4	23c5	23c6	23c7	23c8	23c9	23c10
Ja	97	104	105	86	84	67	90	88	85	83
Sterk ja	63	44	42	43	50	61	41	38	69	57
Totaal	160	148	147	129	134	128	131	126	154	140
R	1	3	4	8	6	9	7	10	2	5

Sleutel: R = rangorde

'n Ontleding van Tabele 4.32 en 4.33 toon die volgende aan:

- Die meeste respondente (154 of 86.04%) is van mening dat 'n professionele evalueringsproses die kwaliteit en standaard van onderwys (vgl. vr. 23c 9) verbeter wat beteken dat leerders daarby sal baat. Dit is bemoedigend, gesien in die lig van die scenario van totale skoolontwikkeling aan die hand van 'n skoolontwikkelingsplan soos verduidelik in par. 3.2.3.2 en verduidelik in Figure 3.3 en 5.4 en 5.5. Sussex se empiries-rationele model vir SIDOO en DPO (Figuur 3.16 vgl. ook par.3.4.3) kan handig gebruik word.

- Tog is vraag 23c 8 (die proses gee aanleiding daartoe dat die leerder se prestasie verbeter) relatief tot verhouding met die ander vrae swakker ge-evalueer en beklee die tiende (10de) posisie. Die verskil tussen die hoogste gemiddelde respons 3.18, vr. 23c 9 en die van die laagste gemiddelde respons 2.83, vr. 23c 8 is so klein dat die afleiding gemaak kan word dat oor die algemeen die respondente op vraag 23c die vraag as belangrik vir hulle professionele ontwikkeling gehanteer het;
- Sterk positief is ook die *Ja* en *Sterk Ja* (Tabel 4.33) respons op vraag 23c 1 waar 89.39% of 160 respondente bewuswording van my sterk en swak punte as 'n belangrike resultaat van die evalueringsproses sien. Die vraag kan in verband gebring word met die proses van selfrefleksie wat belangrike komponente is van
 - ❖ die Eraut-model van die nadenkende professionele onderwyser (vgl. par. 3.4.6 en Figure 3.22 en 3.23);
 - ❖ die klaskamergerigte navorsing as SIDOO-model par. 3.4.7, (vgl. ook Figuur 3.25);
 - ❖ die KPA-proses paragrawe 3.4.8 en 5.5 en Figure 3.30 en 5.4;
 - ❖ die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging, Figure 5.1, 5.3 en 5.11.
- Kommunikasie as integrale deel van die evalueringsprosesproses is ook positief deur die onderwysers geplaas (sien Tabel 4.32) en sluit byvoorbeeld in:
 - ❖ die bespreking van hulle onderwystaak met die topbestuur (vr. 23c 2);
 - ❖ hulle sien die proses ook as 'n geleentheid om probleemareas met hulle lynbestuurders te bespreek (vgl. vr. 23c 4);
 - ❖ respondente ervaar die professionele evaluering ook as 'n geleentheid om loopbaanontwikkeling met die topbestuur te bespreek (vgl. vr. 23c 4).
- Die sukses van die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging (vgl. par. 5.4 en Figuur 5.2) is sterk gefokus op wedersydse deurlopende kommunikasie tussen die Professionele Ontwikkelingsleier (POL) en die onderwyser.

- Professionele evaluering van die onderwyser is verbind tot 'n goed ontwikkelde skoolgebaseerde SIDOO-model van waardetoevoeging met 'n totale skoolbehoeftebepaling (vgl. paragrawe 2.5.1.7, 3.3 en Bylaag B en Figuur 5.5) en 'n SOP (vgl. par 3.2.3.3, Figure 3.3 en 5.5) as vertrekpunt.

Tabel 4.34 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die moontlike uitkomst van professionele evaluering

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
23c.1	3.29	6	3.60	1	3.27	1	3.10	2
23c.2	3.29	6	3.10	5	3.09	3	2.95	4
23c.3	3.71	1	3.11	4	3.00	5	2.94	6
23c.4	3.00	9	3.10	5	3.09	3	2.75	10
23c.5	3.00	9	3.00	8	2.82	8	2.94	6
23c.6	3.43	2	2.90	9	2.79	9	2.95	4
23c.7	3.29	6	3.10	5	2.76	10	2.84	8
23c.8	3.43	2	3.20	2	2.85	7	2.77	9
23c.9	3.43	2	3.20	2	3.24	2	3.16	1
23c.10	3.43	2	2.90	9	3.00	5	3.03	3

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Ontleding van Tabel 4.34 toon aan dat die skoolhoofde as groep van mening is dat die geleentheid om probleemareas met hulle lynbestuurders te bespreek (vr. 23c 3) die belangrikste uitkoms is van professionele evaluering. Adjunkhoofde en departementshoofde is van mening dat die bewuswording van sterk en swak punte (vr. 23c 1) die belangrikste uitkoms is, terwyl onderwysers van mening is dat dié proses die kwaliteit en standaard van onderwys (vr. 23c 9) verbeter.

Interessant is die respons van die skoolhoofde en adjunkhoofde wat sterk positief is met betrekking tot die verbetering van die leerders se prestasie (vr. 23c 8) as resultaat van die evalueringsproses terwyl die departementshoofde en onderwysers minder positief daarvoor voel.

Vraag 24. Is u vertrouwd met die inhoud en implikasies van die: (Toon asseblief u standpunt aan vir elk van die onderstaande aspekte)

		Nog nooit van gehoor	Nie beskikbaar	Weet daarvan maar nog nie bestudeer nie	Het 'n studie daarvan gemaak
		1	2	3	4
24.1	Suid-Afrikaanse Skolewet				
24.2	COTEP- dokument				
24.3	NQF-dokument				
24.4	Kurrikulum 2005				
24.5	Nuwe leerareas				
24.6	Leerdergesentreerde onderwys (LGO)				
24.7	Utkomsgebaseerde onderwys (UGO)				

Tabel 4.34a Respondente se antwoorde op die vraag of hulle vertrouwd is met die inhoud en implikasies van bogenoemde (vraag 24) dokumente.

Vr.	N=	Nba	1		2		3		4		Gem	R
			F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
24.1	178	5	12	6.74	12	6.74	119	66.85	35	19.66	2.99	3
24.2	179	4	118	65.92	20	11.17	37	20.67	4	2.23	1.59	7
24.3	178	5	100	56.18	21	11.80	36	20.22	21	11.80	1.99	6
24.4	180	3	0	0.00	11	6.11	89	49.44	80	44.44	3.38	1
24.5	177	6	23	12.99	21	11.86	86	48.59	47	26.55	2.89	4
24.6	179	4	41	22.91	22	12.29	81	45.25	35	19.55	2.61	5
24.7	180	3	17	9.44	17	9.44	85	47.22	61	33.89	3.06	2

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Nog nooit van gehoor, 2 = Nie beskikbaar, 3 = Weet daarvan maar nog nie bestudeer nie, 4 = Het 'n studie daarvan gemaak, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

➤ Vr. 24.1 Suid-Afrikaanse Skolewet

Vier-en-twintig of 13.48% van die respondente weet basies niks van die SA Skolewet af nie terwyl 12 respondente nog nooit van die SA Skolewet gehoor het nie, terwyl 119 of 66.85% van die onderwysers wat die vraag beantwoord het, van

die wet bewus is maar dit nog nie bestudeer het nie. Slegs 35 of 19.66% van die onderwysers het wel 'n studie van die Wet gemaak.

➤ Vr. 24.2 COTEP-dokument

Die meerderheid, 138 of 77.09% respondente, het nog nooit van die COTEP-dokument gehoor of dit is nie tot hulle beskikking nie. Slegs 4 respondente het 'n studie van dié dokument gemaak. Alhoewel die dokument betrekking het op die norme en standaarde van onderwysersopleiding is 'n groot gedeelte van Hoofstuk 8 van toepassing op skoolgebaseerde SIDOO van onderwysers. Die hoofstuk bevestig weer eens die belangrikheid van aaneenlopende leer en onderrig en pleit vir kontinuïteit met betrekking tot voordiensopleiding, induksieprogramme van nuwe onderwysers en DPO van onderwysers. Dit is te verstane dat die dokument nie geredelik by skole bekend is nie, maar tog 'n belangrike dokument gaan wees in die toekoms met betrekking tot onderwysersopleiding en SIDOO-beleid, waarby skoolgebaseerde SIDOO ingesluit gaan word.

➤ Vr. 24.3 NQF- (NKR) dokument

Alhoewel die NQF dokument aan K2005 gekoppel word, en na elke skool in Mpumalanga 'n opsommende dokument uitgestuur is, is daar nogtans 121 of 67.98% van die respondente in die duister oor die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk. Dit is 'n waardevolle dokument veral gesien in die lig dat sekere SIDOO-kursusse vir onderwysers aan SAQA (SAKO) vir akkreditasie voorgelê gaan word. Net 21 of 11.80% van die onderwysers het die NQF-dokument bestudeer.

➤ Vr. 24.4 K2005

Teleurstellend is die feit dat net minder as die helfte of 49.44% van die respondente weet van die K2005 dokument maar dit nog nie bestudeer het nie. Die dokument hou verrykende gevolge in vir onderwys oor die algemeen. Alhoewel die implementering van K2005 in problematiek verval het, bly die waarde om die dokument te bestudeer, onaanges. Bemoedigend is die feit dat al die respondente weet van K2005 en dat 44.44% van die respondente wel 'n studie van K2005 gemaak het.

➤ Vr. 24.5 Nuwe leerareas

Die nuwe leerareas is nie as sulks 'n dokument wat bestudeer moet word nie, maar daarna word deurlopend verwys in dokumente met betrekking tot K2005 en UGO. Alhoewel die nuwe leerareas in die K2005 dokument en in 'n opsommende weergawe uitgegee en aan elke onderwyser in Mpumalanga versprei is, is daar net 47 of 26.55% van respondente wat 'n studie daarvan gemaak het. Die meeste respondente 86 of 48.59% weet van die verandering maar het nog nie daarvan 'n studie gemaak nie. Dit is vreemd dat 44 of 24.86 van die respondente nog nooit van die konsep nuwe leerareas gehoor het nie.

➤ Vr. 24.6 Leerdergesentreerde onderwys (LGO)

Die konsep is onlosmaaklik verbind tot K2005 en uitkomsgebaseerde onderwys en ten spyte van 'n uitgebreide bewusmakingsveldtog met betrekking tot alle fasette van K2005, wat ook insluit LGO, het 41 respondente nog nooit van LGO gehoor nie en 22 respondente is van mening dit is nie beskikbaar nie. Dus 63 of 35.20% respondente is onbewus van die nuwe beginsel van LGO wat al in 'n implementeringsfase is, as onderafdeling van K2005. Slegs 35 of 19.55% van die respondente het 'n studie van LGO gemaak terwyl 81 of 45.28 van die respondente daarvan bewus is, maar dit nog nie bestudeer het nie.

➤ Vr. 24.7 Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO)

Ten spyte van 'n uitgebreide bewusmakingsveldtog wat ingesluit het alle media, ook die gedrukte medium en werkwinkels is daar slegs 61 of 33.89% van die respondente wat wel 'n studie van UGO gemaak het, terwyl 47.22% of 85 respondente weet van UGO maar dit nog nie bestudeer het nie. Daar is 34 of 18.88% van die respondente wat onbewus is van UGO.

Na analisering van Vraag 24 is dit duidelik dat daar nog te veel respondente is wat *of nog nooit gehoor* het van die dokumente nie, *of dit is nie tot hulle beskikking nie* of hulle *weet daarvan maar het dit nog nie bestudeer nie*. Selfbemagtiging is 'n belangrike aspek van skoolgebaseerde SIDOO (vgl. paragrawe. 3.2.4, 3.2.6 en Figure 3.4, 3.5 en 3.6). Skoolhoofde moet onderwysers aanmoedig en SIDOO-

programme ontwikkel om onderwysers te ondersteun in 'n proses van selfbemaagtiging ten opsigte van veranderinge.

Vraag 25 Het u in die afsienbare verlede enige werkwinkels/seminare bygewoon oor uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) en uitkomsgebaseerde assessering/ taksering - (UGA)?

Ja		1
Nee		2

Tabel 4.35. Respondente se antwoord op die vraag of hulle UGO-werkswinkels bygewoon het

Vr.	F=	Vraag	%
25	82	JA	45.30
	99	Nee	54.70
Nba	2		
N=	183		

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, F= frekwensie, N= totale response,

Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die meerderheid van die 181 respondente naamlik 54.70% het nie werkwinkels of seminare bygewoon met betrekking tot UGO. Wat in ag geneem moet word, is dat die vraelys versprei is aan skole in alle fases van onderwys terwyl werkwinkels met betrekking tot UGO hoofsaaklik gefokus is op primêre skole. Dit kan 'n bydraende faktor wees waarom die meerderheid respondente nie UGO-werkswinkels bygewoon het nie.

Indien u op vraag 25 **Ja** ge-antwoord het, beantwoord dan asseblief vraag 26. Indien **Nee**, gaan dan asseblief na vraag 27.

26. Evalueer asseblief die mees onlangse werkwinkel/seminaar wat u bygewoon het oor UGO en UGA as deel van indiensopleiding van onderwysers. (Toon asseblief u mening aan vir elk van die onderstaande aspekte)

		Swak	Goed	Baie goed
		1	2	3
26.1	Inhoud			
26.2	Vaardighede oorgedra			
26.3	Relevant vir my in die metodiek van UGO en UGA			
26.4	Beskikbaarheid van bronne-materiaal gedurende die program			
26.5	Dokumentasie om saam te neem			

Tabel 4.36 Respondente se evaluering van die UGO werkwinkels wat hulle bygewon het

Vr.	N=	1		2		3		Gem	R
		F=	%	F=	%	F=	%		
26.1	83	32	38.55	42	50.60	9	10.84	1.72	1
26.2	83	44	53.01	30	36.14	9	10.84	1.58	2
26.3	83	50	60.24	24	28.92	9	10.84	1.51	4
26.4	82	48	58.54	28	34.15	6	7.32	1.49	5
26.5	83	44	53.01	33	39.76	6	7.23	1.54	3

Sleutel:

1 = Swak, 2 = Goed, 3 = Baie goed, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Net in een aspek, dié inhoud (vr. 26.1), het 50.60% van die respondente die werkwinkel as goed ervaar. In al die ander aspekte het die meerderheid respondente die UGO-werkwinkels as swak ervaar. Teleurstellend is die respons op vraag 26.3 of die werkwinkel relevant was vir die respondent in die metodiek van UGO en UGA. Op hierdie vraag het 60.24% van die respondente swak geantwoord. Dit wil voorkom of die bewuswordingsfase of klimaatskepping wat 'n baie belangrike komponent van verandering is, nie deeglik beplan en uitgevoer is nie.

Verandering is 'n traumatiese gebeurtenis wat alle rolspelers beïnvloed. Om die rede is dit belangrik dat 'n deeglike proses van klimaatskepping daar gestel word om konsepte en persepsies positief te fokus op dit wat gaan verander. Klimaatskepping is dus 'n belangrike komponent van die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging (paragrafe 5.4 en 5.5 vgl. ook Figure 5.1, 5.2 en 5.4). Die teoriegedeelte naamlik bronnemateriaal beskikbaar (vr. 26.4) en dokumentasie om saam te neem (vr. 26.5), is ook deur die meerderheid respondente as swak ervaar. Onderwysers in Mpumalanga is in die war met betrekking tot UGO. Hierdie stelling word ondersteun deur bevindinge na aanleiding van navorsing gedoen deur die Universiteit van Sussex onder lektore verbonde aan onderwyskolleges van Mpumalanga (Lewin *et. al.*, 1997:14). As die opleier van die onderwyser nie weet wat UGO is nie, hoe kan dan van die onderwysstudent verwag word om UGO te bemeester. Die meerderheid van die respondente wat UGO-werkswinkels of seminare bygewoon het, het nie by die werkswinkels gebaat nie. Skole en skoolgroepe ("clusters") sal die inisiatief self moet neem en skoolgebaseerde SIDOO-programme te implementeer om onderwysers te bemagtig in UGO en UGA (vgl. Figuur 2.12). Hierdie verandering vereis 'n paradigmaskuif by onderwysers van afsonderlike leer tot leer in 'n groep, selfgedrewe probleemoplossing (vgl. par. 2.5.1.1) en deurlopende terugvoering van prestasie en ondersteuning in die klaskamer. Duidelikheid oor die proses, die praktiese implikasies daaraan verbonde en goed beplande SIDOO-programme is belangrike voorvereiste voordat veranderinge geïmplementeer kan word.

Vraag 26 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die waarde van UGO-werkswinkels bygewoon

Tabel 4.37 Die waarde van UGO werkswinkels vir die groepe hier bo genoem

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
26.1	1.60	2	2.00	1	1.56	1	1.77	1
26.2	1.40	4	1.50	3	1.39	3	1.66	2
26.3	1.40	4	2.00	1	1.28	5	1.55	4
26.4	1.80	1	1.50	3	1.33	4	1.51	5
26.5	1.60	2	1.50	3	1.44	2	1.57	3

Sleutel: R = Rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Indien die gemiddelde response (uit 'n moontlike 3) soos uiteengesit in Tabel 4.37 ontleed en met mekaar vergelyk word, is dit interessant dat net die adjunkhoofde twee vrae (vrae 26.1 en 26.3) as goed (2.00) ge-evalueer het. Die skoolhoofde, departementshoofde en onderwysers het geen vraag hoër as 1.80 uit 'n moontlike 3 ge-evalueer nie. Oor die algemeen blyk dit dat die respondente die werkswinkels met betrekking tot UGO as swak ervaar het.

Vraag 27 Evalueer asseblief die skoolfasiliteite tot beskikking om effektiewe skoolgerigte en skoolgebaseerde indiensopleiding as deel van DPO van onderwysers te hanteer.

	Nee	Onseker	Ja	Sterk ja
	1	2	3	4
Die skoolbiblioteek is effektief toegerus ter ondersteuning van indiensopleiding				
Skoolfasiliteite is voldoende om my effektief in my onderrigtaak te ondersteun				
Die skool is goed toegerus om 'n effektiewe indiensopleidingsprogram aan te bied				
Daar is genoeg kundiges op die personeel om effektiewe skoolgebaseerde indiensopleiding te kan hanteer				
Daar is kundiges in die omgewing beskikbaar om u as onderwyser te ondersteun deur indiensopleiding				

Tabel 4.38 Is die beskikbare skoolfasiliteite voldoende vir effektiewe skoolgebaseerde SIDOO-programme

Vr.	N=	Nba	1 Nee		2 Onseker		3 Ja		4 Sterk ja		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
27.1	174	9	47	27.01	46	26.44	65	37.36	16	9.20	2.29	5
27.2	174	9	17	9.77	20	11.49	93	53.45	44	25.29	2.94	3
27.3	175	8	18	10.29	34	19.43	73	41.71	50	28.57	2.89	4
27.4	176	7	14	7.95	31	17.61	75	42.61	56	31.82	2.98	2
27.5	174	9	5	2.87	41	23.56	78	44.83	50	28.74	2.99	1

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Nee, 2 = Onseker, 3 = Ja, 4 = Sterk ja, Gem. = Gemiddelde telling,

R = rangorde, F= frekwensie, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Oor die algemeen is die respondente *nie* daarvan oortuig dat hulle skole effektief met bronne, fasiliteite en kundigheid toegerus is om effektiewe skoolgebaseerde SIDOO-programme aan te bied nie. Vraag 27.5 is deur hulle die hoogste ge-evalueer met 'n gemiddeld van 2.99 uit 'n moontlike 4.00. Dit plaas die response net onder die *Ja* - groepering.

Tabel 4.39 Die *Ja* en *Sterk Ja* response op vraag 27

Vraag	27.1	27.2	27.3	27.4	27.5
Ja	65	93	73	75	78
Sterk ja	16	44	50	56	50
Totaal	81	137	123	131	128
%	46.55	78.74	70.29	74.43	73.56
R	5	1	4	2	3

Sleutel: R = Rangorde

Tabel 4.40 Die "Nee" en "Onseker" response op vraag 27

Vraag	27.1	27.2	27.3	27.4	27.5
Nee	47	17	18	14	5
Onseker	46	20	34	31	41
Totaal	93	37	52	45	46
%	53.45	21.26	29.71	25.57	26.44
R	1	5	2	4	3

Sleutel: R = Rangorde

Ontleding van Tabel 40 wys dat die meerderheid van die respondente, 93 of 53.45% van mening is dat die skoolbiblioteek nie effektief toegerus is ter ondersteuning van skoolgebaseerde SIDOO-programme nie.

In vergelyking met vr. 21.1 wat handel oor in-skool aktiewe groepnavorsing as 'n moontlike metode om vakkennis op te gradeer, het 85.39% of 152 van die respondente dit as *effektief* of *hoogs effektief* ge-evalueer, terwyl 80.11% van die respondente onderwysgerigte joernale en tydskrifte (vr. 21.2) as *effektief* en *hoogs effektief* ge-evalueer het om hulle vakkennis op te gradeer. As die response vergelyk word met die respons verkry op vr. 27.1 (Tabel 4.38) wat handel oor die effektiwiteit van die skoolbiblioteek vir SIDOO-aanwending, is slegs 46.56% van die respondente positief oor die effektiwiteit van die skoolbiblioteek. Om effektief en relevant skoolgerigte groepnavorsing te kan hanteer, moet genoeg en effektiewe bronne in die skool beskikbaar en toeganklik wees vir almal (vgl. par. 3.4.7 en Figure 3.25, 3.26 en 3.27). In die SIDOO-model van waardetoevoeging soos beskryf in paragrawe 5.2, 5.3 en 5.4 en verduidelik in Figure 5.1, 5.2 en 5.4, word sterk gefokus op klaskamergerigte navorsing ter ondersteuning van SIDOO- en DPO-programme. Samelopend met die opgradering van die skoolbiblioteek moet daar ook 'n kultuur van samewerkende leer gevestig word om die proses van self- en groepbemaagtiging te bevorder (vgl. par. 3.2.4 en Figure 3.4 en 3.5). Afgesien van die effektiwiteit van die skoolbiblioteek (vgl. vr. 27.1 en Tabel 4.39) wat deur die meerderheid respondente (53.45%) as oneffektief beskou word, is al die *Ja* en *Sterk ja* response op die ander vrae hoër as 70%. Vir die vestiging van 'n klaskamergerigte navorsingsprogram (vgl. par. 3.4.7 en verduidelik in Figure 3.25, 3.2.6 en 3.27 vgl. ook vrae 21.1, 21.2, 21.3 ontleed in Tabel 4.27) is 'n goed toegeruste bronnensentrum of leersentrum nodig. Skole moet in die toekoms meer fokus op die ontwikkeling van die skoolbiblioteek tot 'n volwaardige sentrum waar leerders en onderwysers kan leer, werk en navorsing doen. Veral in gebiede waar 'n goed toegeruste biblioteek nie vir die onderwyser en leerder toeganklik is nie, is dit noodsaaklik dat die skool se leersentrum goed toegerus moet wees.

Bemoedigend vir die beginsel van skoolgebaseerde SIDOO-programme en veral vir die moontlike implementering van die model van waardetoevoeging in skole is die response op vrae 27.2 (78.74% of 137) en 27.4 (74.43% of 131) en uiteengesit in Tabel 4.39. Die oorgrote meerderheid (78.74%) van die respondente is daarvan oortuig dat die skool se fasiliteite voldoende is om hulle in die onderrigtaak te ondersteun, terwyl 74.43% van mening is dat daar genoeg kundiges op die personeel is om effektiewe skoolgebaseerde SIDOO-programme aan te bied.

Tabel 4.41 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die effektiwiteit van die skool as SIDOO-instelling

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
27.1	2.71	5	2.30	5	2.58	5	2.19	5
27.2	3.14	2	3.20	3	3.00	3	2.90	2
27.3	2.86	4	3.20	3	3.03	2	2.82	4
27.4	3.29	1	3.30	2	3.18	1	2.89	3
27.5	3.00	3	3.40	1	2.97	4	2.97	1

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

'n Ontleding van Tabel 4.41 toon dat skoolhoofde as 'n groep vraag 27.4 (daar is genoeg kundigheid op die personeel om effektiewe SIDOO te hanteer) die hoogste evalueer (3.29 uit 'n moontlike 4). Hulle beskou ook die skool se fasiliteite as voldoende om die onderwyser in die onderrigtaak te ondersteun (vr. 27.2). Adjunkhoofde en onderwysers evalueer vr. 27.5 (daar is kundiges in die omgewing beskikbaar om onderwysers te ondersteun) die hoogste terwyl departementshoofde vr. 27.4 (Daar is genoeg kundiges op die personeel om effektiewe skoolgebaseerde SIDOO te hanteer) hoog evalueer.

Vraag 28 Watter effek het of kan die onderstaande hê in behoeftebepaling by onderwysers met die oog op indiensopleiding? (Merk asseblief 'n blok vir elk van die onderstaande aspekte)

		Oneffektief	Effektief	Hoogs effektief
		1	2	3
28.1	Goed ontwikkelde behoeftevraelys			
28.2	Personeelvergaderings			
28.3	Vakvergaderings			
28.4	Informele gesprekke met onderwysers			
28.5	Professionele portfolios van onderwysers			
28.6	Bywoning van vorige indiensopleidings-programme of kursusse			
28.7	Professionele klasbesoek			
28.8	Kritiese selfrefleksie van onderwysers			
28.9	Onderwysers wat mekaar se lesse observeer "mutual observation" pare observasie			
28.10	Insette en terugvoering vanaf leerders			
28.11	Tegnologiese veranderinge			
28.12	Insette van ouers			
28.13	Provinsiale onderwysdepartement			
28.14	Skoolhoof			
28.15	Skoolbestuurspan			
28.16	Konsultante			
28.17	Onderwysersentrum			
28.18	Onderwyser selfrefleksie			
28.19	Universiteite, Teknikons en Kolleges			
28.20	Vakadviseurs			

Tabel 4.42 Menings van respondente met betrekking tot metodes om SIDOO-behoefes te bepaal

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
28.1	182	2	11	6.04	92	50.55	79	43.41	2.37	1
28.2	182	2	40	21.98	96	52.75	46	25.27	2.03	10
28.3	181	3	11	6.08	99	54.70	71	39.23	2.33	2
28.4	181	3	18	9.94	93	51.38	70	38.67	2.29	3
28.5	177	6	43	24.29	109	61.58	25	14.12	1.90	16
28.6	179	4	32	17.88	115	64.25	32	17.88	2.00	11
28.7	182	1	46	25.27	97	53.30	39	21.43	1.96	13
28.8	178	5	30	16.85	103	57.87	45	25.28	2.08	8
28.9	182	1	61	33.52	91	50.00	30	16.48	1.83	18
28.10	182	1	38	20.88	91	50.00	53	29.12	2.08	9
28.11	182	1	21	11.54	112	61.54	49	26.92	2.15	7
28.12	181	2	116	64.09	50	27.62	15	8.29	1.44	20
28.13	181	2	67	37.02	93	51.38	21	11.60	1.75	19
28.14	180	3	26	14.44	95	52.78	59	32.78	2.18	6
28.15	181	2	50	27.62	94	51.93	37	20.44	1.93	14
28.16	180	3	52	28.89	98	54.44	30	16.67	1.88	17
28.17	179	4	45	25.14	105	58.66	29	16.20	1.91	15
28.18	181	2	15	8.29	114	62.98	52	28.73	2.20	4
28.19	180	3	43	23.89	95	52.78	42	23.33	1.99	12
28.20	181	2	26	14.36	93	51.38	62	34.25	2.20	5

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Oneffektief, 2 = Effektief, 3 = Hoogs effektief, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Tabel 4.42a Die *effektief* en *hoogs effektiewe* response op Vraag 28

Vr.	2	3	F= Tot. 2+3	2	3	% Tot. 2+3	R
28.1	92	79	171	50.55	43.41	93.96	1
28.2	96	46	142	52.75	25.27	78.02	12
28.3	99	71	170	54.70	39.23	93.92	2
28.4	93	70	163	51.38	38.67	90.06	4
28.5	109	25	134	61.58	14.12	75.71	15
28.6	115	32	147	64.25	17.88	82.12	9
28.7	97	39	136	53.30	21.43	74.73	14
28.8	103	45	148	57.87	25.28	83.15	8
28.9	91	30	121	50.00	16.48	66.48	18
28.10	91	53	144	50.00	29.12	79.12	10
28.11	112	49	161	61.54	26.92	88.46	5
28.12	50	15	65	27.62	8.29	35.91	20
28.13	93	21	114	51.38	11.60	62.98	19
28.14	95	59	154	52.78	32.78	85.56	7
28.15	94	37	131	51.93	20.44	72.38	16
28.16	98	30	128	54.44	16.67	71.11	17
28.17	105	29	134	58.66	16.20	74.86	15
28.18	114	52	166	62.98	28.73	91.71	3
28.19	95	42	137	52.78	23.33	76.11	13
28.20	93	62	155	51.38	34.25	85.64	6

Sleutel:

2 = Effektief, 3 = Hoogs effektief, R = rangorde, F= frekwensie,

Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.42 en Tabel 2.42a blyk dit dat die respondente van mening is dat die gebruik van 'n 'n goed ontwikkelde behoeftevraelys (171 of 93.96%) 'n effektiewe metode is om SIDOO-behoeftes te bepaal en dat 166 of 91.71% van die onderwysers ook van mening is dat selfrefleksie (vr. 28.18) en kritiese selfrefleksie (vr. 28.8) 'n belangrike bron van behoeftebepaling is. Dit bevestig weer eens die belangrikheid van deeglike behoeftebepaling soos beskryf in paragrawe 2.5.1.7 en 2.5.2 en verduidelik in Figuur 2.5. Behoeftbepaling is die fondament van enige SIDOO-program en sluit in (Hoofstuk 5 en Figure 5.1 en 5.3) 'n program van self- en skoolrefleksie soos verduidelik in die Sussex empiries-rationele-model vir skoolgebaseerde SIDOO (vgl. par. 3.4.3 en Figuur 3.16), Kolb se SIDOO-model van ervaringsleer (vgl. par 3.4.5 en Figure 3.20 en 3.21), Michael

Eraut se model van die nadenkende professionele onderwyser (vgl. par. 3.4.6 en Figure 3.22, 3.23, 3.24 en 5.7 vgl. ook Bylaes B en E), die model van klaskamergerigte navorsing (vgl. par. 3.4.7 en Figure 3.25, 3.26 en 3.27), die model van klaskamergerigte prestasiebestuuranalise (KPA) in die konteks van totale skoolontwikkeling (vgl. paragrawe 3.4.8 en 5.5 en Figure 3.28, 3.30, 5.2 en 5.4. Die skoolgebaseerde SIDOO-model van waardetoevoeging soos beskryf in paragrawe 5.3 en 5.4 en verduidelik deur Figure 5.1 en 5.2 fokus sterk op metodes om eie behoeftes en skoolbehoefte te bepaal en sluit oor die algemeen vraelyste as metode in (sien voorbeelde, Bylaes B en E). Verdere ontleding van Tabelle 4.42 en 4.42a wys dat die respondente ook van mening is dat die volgende metodes vir SIDOO-behoeftebepaling belangrik is

- Vr. 28.3, vakvergaderings (170 of 93.92%);
- Vr. 28.4, informele gesprekke (163 of 90.06%);
- Vr. 28.11, tegnologiese veranderinge (161 of 88.46%); en
- Vr. 28.6, die bywoning van vorige SIDOO-programme as effektief beleef het om SIDOO-behoefte te bepaal (147 of 82.12).

Die sterk positiewe response met betrekking tot die saamwerk en gesprekvoering met ander onderwysers (vrae 28.3 en 28.4) moet deur skole benut, uitgebou en versterk word nie net binne skoolverband nie, maar ook binne vakspesialisgroepe en skoolgroepe. Die uitbouing van die sterk gevoel van die respondente teenoor samehorigheid kan daartoe aanleiding gee dat die kultuur van samewerkende leer, binne die mikro-politieke samestelling van die skool, gevestig is, en as dit reeds gevestig is, dan versterk word. Die kultuur van 'n skool en persepsies wat rondom 'n skool bestaan, moet bepaal word voordat 'n program van skoolgebaseerde SIDOO van waardetoevoeging ingestel word (vgl. Bylaes B en C). Informele en formele gesprekvoering met ander onderwysers in skoolverband of in skoolgroepverband het heelwat positiewe gevolge. Van die gevolge kan wees die uitruil van idees en werkbare praktyk, terugvoering, bemoediging en ondersteuning aan mekaar tydens 'n proses van verandering en dit kan ook dien as SIDOO-behoeftebepaling.

Op vraag 28.10 is die meerderheid van die respondente van mening dat insette van ouers (116 of 64.09%) oneffektief is in die proses om SIDOO-behoeftes te bepaal. Alhoewel professionele portfolio's (vr. 28.5) 'n relatief nuwe konsep is in skole in Mpumalanga, beskou 75.71% van die respondente nogtans die dokument as effektief in die bepaling van indiensopleidingsbehoeftes; so ook ag 136 of 74.73% van die onderwysers professionele klasbesoek (vr. 28.7) as belangrik vir indiensopleiding. In die model van waardetoevoeging (vgl. paragrawe 5.2, 5.3, 5.4 en Figure 5.1, 5.2, 5.4 en 5.8) is lesobservasie 'n belangrike komponent van Fase III, naamlik die insameling van inligting

Vraag 29. Watter rol kan of moet die ondergenoemde speel betreffend verantwoordelikheid neem vir die beplanning en aanbieding van indiensopleidingsprogramme of kursusse vir onderwysers? (Gee asseblief u mening oor elk van die onderstaande aspekte)

		Geen rol	Matige rol	Belangrike rol
		1	2	3
29.1	Skoolhoof			
29.2	Departementshoofde			
29.3	Onderwysers			
29.4	Onderwysersentrum			
29.5	Onderwysdepartement			
29.6	Nie Regeringorganisasies (NRO)			
29.7	Universiteite en kolleges			
29.8	Konsultante			
29.9	Distriks- en kringbestuurders			
29.10	Vakadviseurs			

Tabel 4.43 Menings van die respondente met betrekking tot watter rol die bogenoemdes in vraag 29 moet speel om verantwoordelikheid te neem vir die beplanning en aanbieding van SIDOO-programme

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			Geen rol	Matige rol	Belangrike rol					
			F=	%	F=	%	F=	%		
29.1	182	1	13	7.14	59	32.42	110	60.44	2.53	3
29.2	182	1	6	3.30	34	18.68	142	78.02	2.75	1
29.3	181	2	3	1.66	81	44.75	97	53.59	2.52	4
29.4	181	2	7	3.87	79	43.65	95	52.49	2.49	5
29.5	181	2	24	13.26	70	38.67	87	48.07	2.35	6
29.6	181	2	73	40.33	77	42.54	31	17.13	1.77	10
29.7	181	2	19	10.50	88	48.62	74	40.88	2.30	7
29.8	179	4	45	25.14	88	49.16	46	25.70	2.01	9
29.9	180	3	38	21.11	89	49.44	53	29.44	2.08	8
29.10	181	2	5	2.76	49	27.07	127	70.17	2.67	2

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Geen rol, 2 = Matige rol, 3 = Belangrike rol, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na 'n ontleding van Tabel 4.43 kan die afleiding gemaak word dat die respondente van mening is dat die proses om SIDOO-programme te beplan en aan te bied, skoolgebaseer moet wees en dat skoolgebaseerde persone, byvoorbeeld die skoolhoof, (vgl. vr. 29.1) en die departementshoofde (vgl. vr. 29. 2) effektief gebruik moet word in die beplanning van verdere skoolgebaseerde SIDOO-programme. Die afleiding word bevestig deurdat

- meer as agt-en-sewentig-persent van die respondente van mening is dat die departementshoofde (vgl. Tabel 4.43 en vr. 29.2) 'n belangrike rol moet speel;
- dat 60.44% respondente van mening is dat die skoolhoof (vr. 29.1) 'n belangrike rol moet speel; en
- dat onderwysers (vr. 29.3) ook 'n belangrike rol moet speel in die beplanning en aanbieding van indiensopleidingsprogramme.

Die afleiding na die ontleding van Tabel 4.43 bevestig die werkbaarheid en noodsaaklikheid van die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging (vgl. paragrawe 5.2, 5.3, 5.4 en 5.5 en Figure 5.1, 5.2 en 5.4) wat behels dat 'n skoolstruktuur geskep word, die SPOK, (skool professionele ontwikkelingskomitee) met 'n SPOB (skool professionele ontwikkelingsbeampte, vgl. par 3.2.3.1 vgl. ook Figuur 3.2) as voorsitter wat die verantwoordelikheid neem om alle skoolgebaseerde SIDOO te ko-ordineer en beheer.

Respondente is van mening dat die volgende persone of instansies 'n matige rol moet speel in die beplanning en aanbieding van SIDOO-programme:

- Vr. 29.7, Universiteite en kolleges, 48.62%;
- Vr. 29.8, Konsultante 49.16%;
- Vr. 29.9, Distriks- en kringbestuurders 49.44%; en
- Vr. 29.6, Nie-regeringsorganisasies (NRO's) 42.54%.

Tabel 4.44 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die beplanning en aanbieding van SIDOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
29.1	2.71	2	2.70	2	2.52	3	2.52	4
29.2	2.71	2	3.00	1	2.85	1	2.70	1
29.3	2.43	4	2.50	4	2.52	3	2.53	3
29.4	2.43	4	2.50	4	2.38	6	2.52	4
29.5	2.43	4	2.20	6	2.31	7	2.36	6
29.6	1.57	10	1.60	10	1.78	10	1.79	10
29.7	2.14	7	2.10	7	2.39	5	2.31	7
29.8	1.71	9	1.70	9	2.16	8	2.01	9
29.9	1.86	8	2.10	7	2.06	9	2.10	8
29.10	3.00	1	2.60	3	2.59	2	2.68	2

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na die ontleding van Tabel 4.44 blyk dit dat al die skoolhoofde (gemiddelde respons 3 uit 'n moontlike 3) van mening is dat die vakadviseurs (vr. 29.10) betrokke moet wees by die beplanning en aanbieding van SIDOO-programme. Verder meen die skoolhoofde dat hulle self (vr. 29.1) en die departementshoofde (vr. 29.2) 'n belangrike rol moet speel om SIDOO-programme te beplan en aan te bied. Al die adjunkhoofde (gemiddelde respons 3 uit 'n moontlike 3) die meeste departementshoofde (gemiddelde respons 2.85 uit 'n moontlike 3) en die meeste onderwysers (gemiddelde respons 2.70 uit 'n moontlike 3) is van mening dat die departementshoof die belangrikste rolspeler in die verband is. Die respons is bemoedigend vir skole wat die skoolgebaseerde SIDOO-program van waardetoevoeging gaan implementeer. In dié model speel die lynbestuurder 'n belangrike rol in die professionele ontwikkeling van die onderwyser (sien Figuur 5.4).

Verder is die onderwysers ook van mening dat die vakadviseurs (vr. 29.10), die onderwyser self (vr. 29.3) en die skoolhoof (vr. 29.1) prominente figure moet wees in die beplanning en aanbieding van SIDOO-programme. Oor die algemeen is die skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers nie positief oor

die insette wat buiteskoolse instansies en persone soos NRO's (vr. 29.6, vgl. ook Tabel 4.44), konsultante (vr. 29.8), distriks- en kringbestuurders (vr. 29.9) moet speel om SIDOO-programme te beplan en aan te bied. Die negatiewe persepsie teenoor konsultante en NRO's het ontwikkel as gevolg van te veel konsultante en NRO's wat swak werk verrig het en skole vir finansiële gewin uitgebuit het. Daar is wel puik konsultante en NRO's wat indiensopleidingprogramme van uitstaande gehalte aanbied. Voordat skole met NRO's onderhandel oor moontlike indiensopleiding van onderwysers moet die register van NRO's wat in die onderwys werksaam is geraadpleeg word. Skole moet egter wyd konsulteer voordat 'n NRO's of konsultant gekontrakteer word om SIDOO- en DPO-programme te beplan en aan te bied.

Vraag 30 Watter rol moet die ondergenoemde speel betreffend verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van indiensopleiding van onderwysers beleid en wie moet die program bestuur? (Gee asseblief u mening oor elk van die onderstaande aspekte)

		Geen rol	Matige rol	Belangrike rol
		1	2	3
30.1	Nasionale Ministerie van Onderwys			
30.2	Provinsiale onderwysdepartement			
30.3	Distriks- en kringbestuurders			
30.4	Skoolhoof en bestuurspan			
30.5	Onderwysers			
30.6	Nie-regeringorganisasies (NRO)			
30.7	Konsultante			
30.8	Vakadviseurs			

Tabel 4.45 Die menings van respondente met betrekking tot wie verantwoordelikheid moet neem vir die ontwikkeling van SIDOO-beleid en wie moet die program bestuur

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			Geen rol		Matige rol		Belangrike rol			
			F=	%	F=	%	F=	%		
30.1	179	4	25	13.97	60	33.52	94	52.51	2.39	5
30.2	179	4	11	6.15	65	36.31	103	57.54	2.51	3
30.3	179	4	13	7.26	84	46.93	82	45.81	2.39	5
30.4	179	4	6	3.35	44	24.58	129	72.07	2.69	1
30.5	181	2	9	4.97	75	41.44	97	53.59	2.49	4
30.6	180	3	72	40.00	83	46.11	25	13.89	1.74	8
30.7	179	4	51	28.49	85	47.49	43	24.02	1.96	7
30.8	180	3	10	5.56	59	32.78	111	61.67	2.56	2

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Geen rol, 2 = Matige rol, 3 = Belangrike rol, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Die inligting in Tabel 4.45 toon aan dat die meerderheid van die respondente (72.07%) van mening is dat die skoolhoof en die bestuurspan (vr. 30.4) van die skool verantwoordelikheid moet neem vir die ontwikkeling van skoolgebaseerde SIDOO-beleid en die bestuur daarvan. Die skoolhoof en skoolbestuurspan moet in die verband ondersteun word deur die vakadviseurs (vgl. vr. 30.8, 61.67% of 111) en die provinsiale onderwysdepartement (vr. 30.2). Respondente is ook van mening dat nie-regeringsorganisasies (NRO's) vr. 30.6 en konsultante feitlik geen rol moet vervul in die ontwikkeling van skoolgebaseerde SIDOO-beleid asook die bestuur van sodanige programme nie.

Tabel 4.45a

Die *belangrike rol* response op vraag 30

Vr.	3 Belangrike rol		R
	F=	%	
30.1	94	52.51	5
30.2	103	57.54	3
30.3	82	45.81	6
30.4	129	72.07	1
30.5	97	53.59	4
30.6	25	13.89	8
30.7	43	24.02	7
30.8	111	61.67	2

Sleutel: F= frekwensie, R = rangorde,
Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Indien slegs die "*belangrike rol*" response soos verwerk in Tabel 4.45a ontleed word, dan is die respondente oorweldigend van mening dat die skoolhoof en bestuurspan (vr. 30.4) SIDOO-beleid met ontwikkel en ook die bestuur van die indiensopleidingsprogramme moet behartig. Skole moet in dié verband ondersteun word deur vakadviseurs (vgl. vr. 30.8) van die provinsiale onderwysdepartement. Dit versterk die idee van povinsialisering van veral SIDOO. Geen twee provinsies het dieselfde behoeftes met betrekking tot die indiensopleiding van die onderwyser nie. In Mpumalanga is demografiese faktore soos dat meer as 33% van die skole plaasskole is (Mpumalanga Departement van Onderwys, 1997:3), verantwoordelik daarvoor dat 'n SIDOO-beleid ontwikkel moet word ten einde op 'n unieke wyse SIDOO-programme aan dié onderwysers te voorsien.

Tabel 4.46 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die rol wat elk moet vervul om SIDOO-beleid te ontwikkel en die bestuur van programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
30.1	2.71	2	2.70	2	2.44	4	2.33	6
30.2	2.71	2	2.70	2	2.69	1	2.45	4
30.3	2.43	6	2.10	6	2.28	6	2.43	5
30.4	3.00	1	2.70	2	2.52	2	2.71	1
30.5	2.57	5	2.30	5	2.42	5	2.51	3
30.6	1.43	7	1.30	8	1.82	8	1.77	8
30.7	1.43	7	1.70	7	2.06	7	1.98	7
30.8	2.71	2	2.90	1	2.47	3	2.55	2

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Al die skoolhoofde (gemiddelde respons 3 uit 3) is van mening dat hulle self en die bestuurspan (vr. 30.4) verantwoordelikheid moet neem vir die ontwikkeling van skoolgebaseerde SIDOO-beleid en ook vir die bestuur daarvan. Skoolhoofde word in die standpunt ondersteun deur die onderwysers (gemiddelde respons as groep 2.71 uit 3) en die departementshoofde (gemiddelde respons 2.52 uit 3) en die adjunkhoofde (gemiddelde respons 2.70 uit 3). Hulle is ook van mening dat die Nasionale Ministerie van Onderwys (vr. 30.1), die provinsiale onderwysdepartement (vr. 30.2) en vakadviseurs (vr. 30.8) 'n belangrike rol in dié verband moet speel. Al die respondente is van mening dat NRO's en konsultante feitlik geen rol in die proses moet speel nie. Hierdie response baan die weg vir skoolhoofde en hulle bestuurspanne om te konsentreer op skoolgebaseerde SIDOO vir onderwysers. SIDOO-beleid (vgl par. 2.5.1.5) moet as integreerende deel van die skoolbeleid ontwikkel word en moet deel vorm van die skoolontwikkelingsplan (vgl. paragrawe 3.2.3.2 en 3.2.3.3 vgl. ook Figure 3.3 en 3.6). Indien SIDOO skool-gebaseer is, is die bestuur van die program ook meer effektief.

Vraag 31 Watter bydrae moet die ondergenoemde lewer betreffend evaluering van indiensopleidingsprogramme en kursusse vir onderwysers? (Gee asseblief u mening oor elk van die onderstaande aspekte)

		Geen bydrae	Matige bydrae	Belangrike bydrae
		1	2	3
31.1	Die voltooiing van 'n goed ontwikkelde vraelys na afloop van die aktiwiteite			
31.2	Personeelvergadering na afloop van die program			
31.3	Informele besprekings			
31.4	Vakvergaderings na die program			
31.5	Die skoolhoof			
31.6	Skoolbestuurspan			
31.7	Universiteite, Teknikons en Kolleges			
31.8	Konsultante			
31.9	Aanbieder van die program			
31.10	Vakadviseurs			
31.11	Distriks- en kringbestuurders			

Tabel 4.47 Respondente se menings met betrekking tot die evaluering van SIDOO-programme

Vr.	N=	Nba	1 Geen bydrae		2 Matige bydrae		3 Belangrike bydrae		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
31.1	181	2	9	4.97	38	20.99	134	74.03	2.69	1
31.2	182	1	17	9.34	66	36.26	99	54.40	2.45	4
31.3	181	2	13	7.18	79	43.65	89	49.17	2.42	5
31.4	182	1	6	3.30	50	27.47	126	69.23	2.66	2
31.5	181	2	23	12.71	78	43.09	80	44.20	2.31	7
31.6	182	1	30	16.48	74	40.66	78	42.86	2.26	8
31.7	181	2	43	23.76	88	48.62	50	27.62	2.04	9
31.8	180	3	59	32.78	84	46.67	37	20.56	1.88	11
31.9	181	2	26	14.36	63	34.81	92	50.83	2.36	6
31.10	180	3	12	6.67	56	31.11	112	62.22	2.56	3
31.11	180	3	44	24.44	92	51.11	44	24.44	2.00	10

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Geen bydrae, 2 = Matige bydrae, 3 = Belangrike bydrae, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, n= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.47 blyk dit dat die respondente oorwegend van mening is dat alle rolspelers genoem in vraag 31 'n matige of belangrike rol moet speel in die evaluering van SIDOO-programme met die uitsondering van

- konsultante (vr. 31.8);
- distriks- en kringbestuurders (vr. 31.11)
- universiteite, teknikons en kolleges (vr. 31.7).

In die bogenoemde gevalle is die respondente van mening dat dié rolspelers 'n matige of geen rol in die evalueringsproses van SIDOO-programme moet speel nie. Invulling van 'n goedontwikkelde vraelys (sien voorbeeld in Bylaag B) is volgens 134 of 74.03% van die respondente dié instrument wat 'n belangrike bydrae kan lewer om die waarde en effek van 'n SIDOO-program te bepaal. Ook belangrik volgens 69.23% van die respondente is vakvergaderings na afloop van die SIDOO-program en die bydrae van vakadviseurs (62.22%).

Vraag 32 Evalueer asseblief die ondergenoemde volgens u eie prioriteit vir indiensopleiding (Merk asseblief u prioriteitskeuse vir elk van die onderstaande)

A. KURRIKULUM

		Lae prioriteit	Hoë prioriteit	Hoogste prioriteit
		1	2	3
32.1	Opgradering van u vakinhoud			
32.2	Beroepsgerigte onderwys en opleiding			
32.3	Vaardighede in multikulturele onderwys			
32.4	Beroepsleiding en voorligting			
32.5	Identifikasie en ontwikkeling van kurrikulumondersteuningsmateriaal			
32.6	Ontwikkeling van materiaal vir die effektiewe implementering van K2005			

Tabel 4.48 Respondente se menings ten opsigte van SIDOO-prioriteite met betrekking tot die kurrikulum

Vr.	N=	Nba	1		2		3		Gem.	R
			Lae prioriteit		Hoë prioriteit		Hoogste prioriteit			
			F=	%	F=	%	F=	%		
32.1	179	4	12	6.70	63	35.20	104	58.10	2.51	2
32.2	179	4	6	3.35	65	36.31	108	60.34	2.57	1
32.3	179	4	33	18.44	91	50.84	55	30.73	2.12	6
32.4	179	4	24	13.41	90	50.28	65	36.31	2.23	5
32.5	180	3	7	3.89	77	42.78	96	53.33	2.49	3
32.6	179	4	23	12.85	45	25.14	111	62.01	2.49	4

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Hoë prioriteit, 3 = Hoogste prioriteit, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

'n Ontleding van Tabel 4.49 toon aan dat op al die vrae van vraag 32, die respondente se response oorweldigend positief is. Hulle beskou die vrae gestel ten opsigte van die kurrikulum as hoë of hoogste prioriteit. Die laagste gemiddelde respons is 2.12 uit 'n moontlike 3. So byvoorbeeld ag 96.65% of 173 respondente beroepsgerigte onderwys (vr. 32.2) as hoë of hoogste prioriteit en 93.30% is van mening dat die opgradering van hulle vakinhoud (vr. 32.1) hoë of hoogste prioriteit is.

Tabel 4.49 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot prioriteite ten opsigte van die kurrikulum

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
32.1	2.86	1	2.60	2	2.61	1	2.47	4
32.2	2.71	2	2.40	4	2.58	2	2.57	1
32.3	2.57	4	2.00	6	2.15	6	2.10	6
32.4	2.29	6	2.30	5	2.18	5	2.23	5
32.5	2.57	4	2.70	1	2.45	3	2.48	3
32.6	2.71	2	2.56	3	2.42	4	2.49	2

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Hoogste prioriteit ten opsigte van die kurrikulum:

- Skoolhoof:
 - Opgradering van vakinhoud (vr. 32.1) en beroepsgerigte onderwys en opleiding (vr. 32.2);
- Adjunkhoof:
 - Identifikasie en ontwikkeling van kurrikulumondersteuningsmateriaal (vr. 32.5);
- Departementshoof:
 - Opgradering van vakinhoud (VR. 32.1) en beroepsgerigte onderwys en opleiding (vr. 32.2);
- Onderwyser:
 - Beroepsgerigte onderwys en opleiding (vr. 32.2) asook ontwikkeling van materiaal vir die effektiewe implementering van K2005 (vr. 32.6).

Oor die algemeen beskou die onderskeie respondente beroepsleiding en voorligting asook vaardighede in multikulturele onderwys as 'n laer prioriteit.

Vraag 33 Evalueer asseblief die ondergenoemde volgens u eie prioriteit vir indiensopleiding (Merk asseblief u prioriteitskeuse vir elk van die onderstaande)

<u>B. LEERDERS</u>		Lae prioriteit	Hoë prioriteit	Hoogste prioriteit
		1	2	3
33.1	Groepering van leerders in skoolverband			
33.2	Ontwikkeling van 'n leerderprofiel as deel van deurlopende evaluasie			
33.3	Rekenaargesteunde onderwys			
33.4	Verskillende metodes van evaluering			
33.5	Leerder-onderwyserverhouding			
33.6	Dissipline in skoolverband			

Tabel 4. 50 Respondente se menings met betrekking tot SIDOO-prioriteite ten opsigte van leerders

Vr.	N=	Nba	1 Lae prioriteit		2 Hoë prioriteit		3 Hoogste prioriteit		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
33.1	177	6	22	12.43	102	57.63	53	29.94	2.18	6
33.2	177	6	12	6.78	101	57.06	64	36.16	2.29	5
33.3	180	3	10	5.56	86	47.78	84	46.67	2.41	4
33.4	179	4	5	2.79	93	51.96	81	45.25	2.42	3
33.5	180	3	4	2.22	61	33.89	115	63.89	2.62	2
33.6	180	3	7	3.89	40	22.22	133	73.89	2.70	1

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Hoë prioriteit, 3 = Hoogste prioriteit, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Oor die algemeen gesien is die respondente van mening dat die leerder in skoolverband vir hulle hoë prioriteit is, maar die klem word op dissipline (vr. 33.6, gemiddelde respons 2.70 uit 3), die leerder-onderwyserverhouding (vr. 33.5, gemiddelde respons 2.632 uit 3) en verskillende metodes van assessering (vr. 33.4) geplaas. Hierdie afleiding word bevestig indien die *hoë* en *hoogste prioriteit* response as 'n eenheid verwerk en soos in Tabel 4.51 verduidelik word. Die ontwikkeling van 'n leerderprofiel en die groepering van leerders in skoolverband word as ietwat minder belangrik beskou.

Tabel 4.51 'n Ontleding van die hoë en hoogste prioriteit response van die respondente op vraag 33

Vraag	33.1	33.2	33.3	33.4	33.5	33.6
N=	177	177	180	179	180	180
Nba	6	6	3	4	3	3
Hoë prioriteit	102	101	86	93	61	40
Hoogste prioriteit	53	64	84	81	115	133
Totaal	155	165	170	174	176	173
Tot. %	87.57	93.22	94.44	97.21	97.78	96.11
R	6	5	4	2	1	3

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

By verre verleen die meeste respondente (133 of 73.89% respondente), die hoogste prioriteit aan dissipline in skoolverband, terwyl 176 of 97.78% van die respondente hoë of hoogste prioriteit verleen aan die leerder-onderwyser-verhouding.

Dissipline, orde en stabiliteit in skole is 'n belangrike voorvereiste vir

- effektiewe onderwys aan leerders;
- ontwikkeling van 'n gelukkige skoolgemeenskap (onderwysers, ouers, leerders en skoolgebaseerde ondersteuningspersoneel);
- skoolontwikkeling;
- effektiewe SIDOO-programme vir onderwysers;
- die vestiging van 'n kultuur van leer en onderrig.

Swak skoordissipline is sekerlik ook 'n bydraende faktor tot stres en konflik. Die twee aspekte, naamlik dissipline en stres, is deur die respondente in vrae 36.11 en 36.12 uitgewys as die hoogste prioriteit vir skoolgebaseerde SIDOO-programme. Skoolhoofde moet die response ter harte neem en daadwerklik aandag daaraan skenk.

Tabel 4.52 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot hulle prioriteit ten opsigte van leerders as fokus van SIDOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
33.1	2.43	3	2.22	5	2.26	6	2.14	6
33.2	2.71	2	2.11	6	2.39	5	2.26	5
33.3	2.29	5	2.56	3	2.42	4	2.41	4
33.4	2.29	5	2.56	3	2.45	3	2.42	3
33.5	3.00	1	2.89	2	2.81	2	2.53	2
33.6	2.43	3	3.00	1	2.84	1	2.66	1

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers is van mening dat die dissipline in skoolverband (vr. 33.6), die leerder-onderwyserverhouding (vr. 33.5) en verskillende metodes van evaluering (vr. 33.4) hoogste prioriteit moet geniet.

Skoolhoofde is van mening dat hoogste prioriteit aan die leerder-
 onderwyserverhouding (vr. 33.5) en die ontwikkeling van 'n leerderprofiel as deel
 van deurlopende evaluasie (vr. 334.2) verleen moet word.

Skoolhoofde ag rekenaargesteunde onderwys (vr. 33.3) en verskillende metodes
 van evaluering (vr. 33.4) as ietwat minder belangrik. Adjunkhoofde, departements-
 hoofde en onderwysers is van mening dat hulle as verskillende groeperinge die
 volgende aspekte van vraag 33 as ietwat minder belangrik ag, naamlik die
 groepering van leerders in skoolverband (vr. 33.1) en die ontwikkeling van 'n
 leerderprofiel (vr. 33.2).

Vraag 34 Evalueer asseblief die ondergenoemde volgens u eie prioriteit vir
 indiensopleiding (Merk asseblief u prioriteitskeuse vir elk van die
 onderstaande)

C. KOMMUNIKASIE BUIE
SKOOLVERBAND MET:

		Lae prioriteit	Hoë prioriteit	Hoogste prioriteit
		1	2	3
34.1	Ouers en gemeenskap			
34.2	Departement van onderwys			
34.3	Ander skole in omgewing			
34.4	Industrie, handel en privaatsektor			
34.5	Bestuursliggaam van die skool			
34.6	Onderwys- en ander vakbonde			
34.7	Distrik- en kringbestuurders			
34.8	Impak van K2005 op die gemeenskap			

Tabel 4.53 Respondente se menings met betrekking tot kommunikasie buite skoolverband

Vr.	N=	Nba	1 Lae prioriteit		2 Hoë prioriteit		3 Hoogste prioriteit		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
34.1	178	5	38	21.35	78	21.35	62	34.83	2.13	4
34.2	178	5	38	21.35	97	21.35	43	24.16	2.03	5
34.3	178	5	14	7.87	112	7.87	52	29.21	2.21	3
34.4	177	6	46	25.99	86	25.99	45	25.42	1.99	7
34.5	176	7	37	21.02	93	21.02	46	26.14	2.29	2
34.6	178	5	47	26.40	84	26.40	47	26.40	2.00	6
34.7	178	5	51	28.65	91	28.65	36	20.22	1.92	8
34.8	178	5	22	12.36	78	12.36	78	43.82	2.31	1

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Hoë prioriteit, 3 = Hoogste prioriteit, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.53 is die volgende aspekte die belangrikste menings van die respondente, naamlik

- die impak wat K2005 op die gemeenskap gaan uitoefen (vr. 34.8) moet met die rolspelers buite skoolverband gekommunikeer word;
- prioriteit moet verleen moet word aan beter kommunikasie met die bestuursliggaam van die skool (vr. 34.5); en
- met ander skole in die omgewing (vr. 34.3).

Die behoefte om beter kommunikasiekanale te skep tussen skole moet deur skoolhoofde, departementshoofde en senior vakonderwysers verder gevoer word. Skoolgroeperinge met vakgerigte spesialiswerkgroepe as kern, kan 'n skoolgebaseerde SIDOO-program versterk. Samewerkende leer is gegrond in effektiewe kommunikasie binne skoolverband en met ander onderwysers verbonde aan skole in die omgewing (vgl. paragrawe 2.4.3 en 2.4.4). Effektiewe skoolgebaseerde SIDOO-programme (vgl. paragrawe 2.4, 2.5 en 2.8) en ander belangrike inligting kan in die skoolgroep met ander onderwysers en skole gedeel word (sien Figuur 2.12).

Tabel 4.54 'n Ontleding van die *hoë* en *hoogste prioriteit* response van die respondente op vraag 34

Vraag	34.1	34.2	34.3	34.4	34.5	34.6	34.7	34.8
N=	178	178	178	177	176	178	178	178
Nba	5	5	5	6	7	5	5	5
Hoë prioriteit	78	97	112	86	93	84	91	78
Hoogste prioriteit	62	43	52	45	46	47	36	78
Totaal	140	140	164	131	139	131	127	156
%	78.65	78.65	92.13	74.01	78.98	73.60	71.35	87.64
R	4	4	1	6	3	7	8	2

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

Indien net die *hoë* en *hoogste prioriteit* response geneem word (Tabel 4.54), dan bevestig dit die ontleding gedoen in Tabel 4.53 dat die respondente die hoogste prioriteit plaas op kommunikasie met ander skole (92.13%) en die kommunikasie van die impak wat K2005 op die gemeenskap gaan uitoefen (87.64%). Ook belangrik vir die respondente is kommunikasiekanale met die bestuursliggaam (78.98%) van die skool. Interessant, slegs op vr. 34.8 is die *hoë* en *hoogste prioriteit* response dieselfde, naamlik 78 en in vraag 34.1 is die response taamlik naby aan mekaar. In al die ander vrae van vraag 34 is die *hoë prioriteit* response en nie die hoogste prioriteit response in die meerderheid. Nogtans belangrik is die *hoogste prioriteit* respons met betrekking tot die kommunikasie met die gemeenskap oor die impak wat K2005 op hulle gaan uitoefen. Dit kan moontlik wees dat effektiewe kommunikasie tussen die skool en die belangegroep plaasvind en daarom verleen die respondente nie die hoogste prioriteit daaraan nie. In Tabel 4.55 word die response op vraag 34.3 "Kommunikasie met ander skole" vergelyk met response verkry op vr.17.2 " die mees effektiewe plek te wees vir die aanbied van 'n SIDOO-program" en vr. 19.3 wat die respondente se "prioriteit is ten opsigte van professionele groepe en skoolgroepe".

Tabel 4.55 'n Vergelykende ontleding van vraag 34.3 met vrae 17.2 en 19.3

Vraag		N=	Tot. % response 2+3
Vraag 34.3	Kommunikasie buite skoolverband met: ander skole in omgewing	187	92.13%
Vraag 17.2	Watter <u>tipe van plek</u> vind u die mees effektiefste vir die aanbied en of bywoon van indiensopleidingsprogramme of kursusse: 'n ander nabygeleë skool.	174	94.35%
Vraag 19.3	Dui asseblief aan die <u>prioriteit</u> wat u sal verleen aan die <u>ondersteuning</u> van indiensopleidingsprogramme en kursusse. Wyer professionele groep aktiwiteite bv. Middelburg, Kring 1, Geskiedenis Professionele Groep	180	86.11%

Sleutel: N= totale response

Indien die response op die positiewe responskeuses van vr. 34.3, naamlik hoë en hoogste prioriteit en vr. 17.2 effektief en hoogs effektief bymekaar getel word, dan is daar tog 'n korrelasie in response in vergelyking met vr. 34.3, kommunikasie met ander skole in die omgewing. Op vraag 17.2 is 94.35% van die respondente van mening dat 'n ander nabygeleë skool 'n effektiewe plek is vir SIDOO-programme. Interessant is die feit dat op vr. 19.3 waar die responskeuses matige en hoë prioriteit is, het 86.11% van die respondente die keuses uitgeoefen. Nadere ondersoek wys egter dat slegs 33.33% van die respondente hoë prioriteit verleen aan die ondersteuning van 'n vakgerigte professionele groep met ander onderwysers, terwyl 52.78% of 95 respondente 'n matige prioriteit aan die vraag verleen terwyl in vr. 34.3, 92.13% van die respondente die hoogste prioriteit verleen kommunikasie met ander skole in die omgewing verleen.

Respondente se menings spreek duidelik van 'n behoefte tot beter en hegte samewerking tussen skole nie net op vakgerigte gebied nie, maar ook in wat algemene onderwysaangeleenthede betref. Dié word bevestig uit 'n respons verkry op vr. 22.5 waarin slegs 27 of 15.08% van die respondente baie aktief betrokke is met gesprekke met vakgenote van ander skole. Uit eie ervaring en gesprekke met heelwat onderwysers blyk die redes te wees waarom daar nog nie onderwysgerigte gesprekke tussen skole en onderwysers onderling plaasvind nie is afstande, taal,

norme en waardeverskille, standarde, 'n gebrek aan leierskap, tyd, finansies, inisiatief, wilskrag en verbintenis.

Tabel 4.56 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die prioriteit verleen aan kommunikasie buite skoolverband

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
34.1	2.86	1	2.22	1	2.16	2	2.08	4
34.2	2.00	5	2.11	3	2.13	4	2.00	5
34.3	2.14	4	2.11	3	2.29	1	2.21	3
34.4	2.00	5	1.33	8	2.16	2	2.00	5
34.5	2.71	2	2.00	5	2.13	4	2.32	2
34.6	1.71	8	2.00	5	2.13	4	1.98	7
34.7	1.86	7	1.78	7	1.84	8	1.95	8
34.8	2.29	3	2.22	1	2.10	7	2.37	1

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Skoolhoofde is van mening dat kommunikasie met die ouers en die gemeenskap (vr. 34.1) die hoogste prioriteit moet geniet gevolg deur kommunikasie met die bestuursliggaam (vr. 34.5). Laer prioriteit moet verleen word aan kommunikasie met onderwysvakbonde (vr. 43.6) en die distriks- en kringbestuurders (vr. 34.7). In laasgenoemde word die skoolhoofde deur die onderwysers, departementshoofde en adjunkhoofde ondersteun. Adjunkhoofde en onderwysers is van mening dat die hoogste prioriteit verleen moet word om die impak van K2005 op die gemeenskap te kommunikeer (vr. 34.8) terwyl die departementshoofde dit as 'n laer prioriteit aantoon. Onderwysers is ook van mening dat hoë prioriteit verleen moet word om kommunikasiekanale te skep tussen hulle en die bestuursliggaam (vr. 34.5) van die skool en met ander skole in die omgewing (vr. 34.3). Departementshoofde beskou kommunikasie met ander skole in die omgewing as die hoogste prioriteit en hoë prioriteit moet ook verleen word aan kommunikasie met die ouers en die gemeenskap (vr. 34.1).

Vraag 35. Evalueer asseblief die ondergenoemde volgens u eie prioriteit vir indiensopleiding (Merk asseblief u prioriteitskeuse vir elk van die onderstaande)

D. Verhoudinge in skoolverband		Lae prioriteit	Hoë prioriteit	Hoogste prioriteit
		1	2	3
35.1	Hantering van werklading van die onderwyser			
35.2	Topbestuursrol en lynfunksie in skool			
35.3	Interne kommunikasie en besluitnemings-prosedures			
35.4	Groter betrokkenheid van nie-professionele personeel by skoolaangeleenthede			
35.5	Veranderde rol van die onderwyser			
35.6	Opgradering van u onderwyskwalifikasie			
35.7	Ontwikkeling van span- of groepwerk			
35.8	Verbetering van interpersoonlike vaardighede			

Tabel 4.57 Response verkry met betrekking tot die respondente se verhoudings in skoolverband

Vr.	N=	Nba	1 Lae prioriteit		2 Hoë prioriteit		3 Hoogste prioriteit		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
35.1	182	1	5	2.75	55	30.22	122	67.03	2.81	1
35.2	183	0	13	7.10	97	53.01	73	39.89	2.33	5
35.3	183	0	10	5.46	88	48.09	85	46.45	2.41	4
35.4	183	0	74	40.44	83	45.36	26	14.21	1.74	8
35.5	181	2	9	4.97	86	47.51	86	47.51	2.43	3
35.6	181	2	32	17.68	85	46.96	64	35.36	2.18	7
35.7	182	1	13	7.14	97	53.30	72	39.56	2.32	6
35.8	182	1	6	3.30	85	46.70	91	50.00	2.47	2

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Hoë prioriteit, 3 = Hoogste prioriteit, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.57 blyk dit dat die oorgrote meerderheid van repondente 177 of 97.25%, van mening is dat SIDOO-programme met betrekking tot die

hantering van die onderwyser se werklading (vr. 35.1) dringend noodsaaklik is. So 'n program kan aangepak word as deel van totale skoolontwikkeling met 'n sterker fokus op die ontwikkeling van die onderwyser. 'n Model wat skoolontwikkeling (vgl. paragrawe 3.2.3.2, 3.2.3.4 en 3.2.4) en die professionele ontwikkeling van die onderwyser akkommodeer, is die skoolgebaseerde model van waardetoevoeging soos uiteengesit in paragrawe 5.2, 5.3 en 5.4 vgl. ook Figure 5.1 en 5.2.

Werkloading (vr. 35.1) sal in die toekoms effektief tussen onderwysers versprei moet word, al verg dit ook aanpassings aan die skoolrooster. Buitemuurse aktiwiteite moet in ooreenstemming met die verhoogde kurrikulêre werklading van die onderwyser herstruktureer word. Na 'n deeglike behoefteanalise (vgl. par. 3.3 en sien Bylaag B vir 'n voorbeeld) kan bepaal word watter buitekurrikulêre aktiwiteit regverdig die tyd, geld en bronne wat daaraan spandeer word. Die vestiging van kulturele verenigings en sportklubs buite skoolverband blyk onafwendbaar te wees. Dit sal help om die werklading van die onderwyser te fokus op die kurrikulêre aangeleenthede. SIDOO-programme kan lei tot die ekstrinsieke en intrinsieke bemagtiging van die onderwyser, soos beskryf in par. 3.2.4. 'n Bemagtigde onderwyser beskik oor die nodige professionele kapasiteit om die kurrikulêre werklading te kan hanteer (sien Figuur 3.4). Onderwysers is ook van mening dat die verbetering van interpersoonlike vaardighede (vr. 35.8) hoë prioriteit moet geniet. Verder is respondente ook van mening dat die veranderde rol van die onderwyser deur SIDOO-programme prioriteit moet geniet. Kommunikasie in skoolverband en deelname aan besluitnemingsprosedures (vr. 35.5) is volgens 173 of 94.54% van die respondente *hoë of hoogste prioriteit* om deur SIDOO-programme aangespreek te word. Bemagtiging van die onderwyser spreek juis die deelname van die onderwyser aan besluite aan. Bemoedigend vir die konsep van samewerkende leer is die response van meer as 90% van die respondente dat daar hoë prioriteit aan die ontwikkeling van groepwerk binne en buite skoolverband verleen moet word. Buiteskools kan die groepwerk effektief in die vakgerigte spesialisgroepe ingepas word of groepwerk kan op 'n algemene basis in die skoolgroep gehanteer

word. Spanwerk en spanbou kan net suksesvol wees as daar alreeds spanne en daar in die skool 'n gevestigde kultuur van samewerkende leer in die skool bestaan.

Tabel 4.58 'n Ontleding van die *hoë* en *hoogste prioriteit* response van die respondente op vraag 35

Vraag	35.1	35.2	35.3	35.4	35.5	35.6	35.7	35.8
N=	182	183	183	183	181	181	182	182
Nba	1	0	0	0	2	2	1	1
Hoë prioriteit	55	97	88	83	86	85	97	85
Hoogste prioriteit	122	73	85	26	86	64	72	91
Totaal	177	170	173	109	172	149	169	176
%	97.25	92.90	94.54	59.56	95.03	82.32	92.86	96.70
R	1	5	4	8	3	7	6	2

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

By verre die meeste respondente (122) is van mening dat SIDOO-programme met betrekking tot die hantering van die onderwyser se werklading hoogste prioriteit moet geniet (vr. 35.1) gevolg deur (vr. 35.8) die verbetering van interpersoonlike vaardighede (91 respondente). Aansluitend hierby is daar ook 'n groot behoefte, volgens die respondente, ten opsigte van die veranderde onderwysrol van die onderwyser (vr. 35.5). Op dié vraag meen 95% van die respondente dat indiensopleidingsprogramme hoogste of hoë prioriteit moet wees.

Op vr. 35.6 is 149 of 82.32% van die respondente van mening dat *hoë* en *hoogste prioriteit* aan die opgradering van onderwyskwalifikasies verleen moet word. Hierdie respons is nie in ooreestemming met die respons verkry op vraag 8a waarin slegs 14 of 7.69% van die respondente besig is met verdere studie nie.

Op al die vrae van vraag 35, met die uitsondering van vraag 35.4 (groter betrokkenheid van nie-professionele personeel by skoolaangeleenthede) en vraag 35.6 (opgradering van onderwyskwalifikasie) is die hoë en hoogste prioriteit se response bo 92%. Die response is 'n aanduiding dat skoolgebaseerde SIDOO-programme ook moet fokus op die verhoudinge in skoolverband. In slegs twee gevalle, naamlik vrae 35.1 en 35.8, is die hoogste prioriteit respons hoër as die

hoë prioriteit respons. In vraag 35.5 is die response dieselfde. Dit beklemtoon die behoefte van die respondente met betrekking tot SIDOO-programme wat fokus op die hantering van werklading en daarmee saam stres en die verbetering van interpersoonlike verhoudinge.

Tabel 4. 59 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die werkverhouding in skoolverband

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
35.1	2.71	1	2.40	4	2.79	1	2.85	1
35.2	2.43	5	2.50	1	2.45	4	2.28	6
35.3	2.57	3	2.50	1	2.58	2	2.35	4
35.4	1.86	8	1.60	8	1.76	8	1.74	8
35.5	2.43	5	2.50	1	2.39	5	2.43	3
35.6	2.43	5	1.90	7	2.09	7	2.21	7
35.7	2.57	3	2.40	4	2.21	6	2.33	5
35.8	2.71	1	2.40	4	2.58	2	2.43	2

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Vir die skoolhoofde, departementshoofde en onderwysers is skoolgebaseerde SIDOO-programme wat die werklading binne die onderwys aanspreek (vr. 35.1), hoogste prioriteit. Alle poste laer as skoolhoof in die lynfunksie kan effektief deur die lynbestuurder ondersteun word. Vir die skoolhoof in Mpumalanga het die lynfunksie opwaarts na die distrik- en kringbestuurders in problematiek verval. Die skoolhoofde se response op vrae 27.5 (Tabel 4.41), 29.9 (Tabel 4.44), 30.3 (Tabel 4.46) en vraag 34.7 (Tabel 4.56) wat die distriks- en kringbestuurders by onderwys aangeleenthede betref, is nie positief nie. Oorwegend is die respons een van geen of matige rol of 'n lae prioriteit. Dit is asof skoolhoofde vertrou in hulle lynbestuurders verloor het. Die oneffektiewe ondersteuning en gebrekkige kommunikasie wat skoolhoofde vanaf die departement van onderwys verkry, gee sekerlik aanleiding tot die negatiewe response teenoor die betrokkenheid van die distriks- en kringbestuurders by skoolaangeleenthede.

Deurlopende effektiewe kommunikasie met en ondersteuning deur die distriks- en kringbestuurders, en medeskoolhoofde kan die skoolhoof se bestuurstaak

aansienlik vergemaklik. Onderwysprobleme kan effektief skoolgebaseer en kollektief in skoolgroepe “clusters” aangespreek word.

Vraag 36 Evalueer asseblief die ondergenoemde volgens u eie prioriteit vir indiensopleiding (Merk asseblief u prioriteitskeuse vir elk van die onderstaande)

E. Bestuur

		Lae prioriteit	Hoë prioriteit	Hoogste prioriteit
		1	2	3
36.1	Klaskamerbestuur en organisasie			
36.2	Bestuur van verandering			
36.3	Bestuur van skoolgebaseerde en skoolgerigte indiensopleiding			
36.4	Ontwikkeling van leierskapsvaardighede			
36.5	Bestuur van vergaderings			
36.6	Finansiële bestuur			
36.7	Strategiese beplanning			
36.8	Ontwikkeling en formulering van beleid			
36.9	Delegering as 'n bestuursfunksie			
36.10	Tydbestuur			
36.11	Bestuur van konflik			
36.12	Bestuur van stres			

Tabel 4.60 Respondente se menings ten opsigte van die prioriteit wat aan SIDOO-programme verleen moet word met betrekking tot bestuur

Vr.	N=	Nba	1 Lae prioriteit		2 Hoë prioriteit		3 Hoogste prioriteit		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
36.1	181	2	17	9.39	79	43.65	85	46.96	2.38	4
36.2	179	4	14	7.82	96	53.63	69	38.55	2.31	7
36.3	180	3	11	6.11	100	55.56	69	38.33	2.32	6
36.4	180	3	16	8.89	89	49.44	75	41.67	2.33	5
36.5	180	3	41	22.78	93	51.67	46	25.56	2.03	12
36.6	180	3	41	22.78	90	50.00	49	27.22	2.04	11
36.7	180	3	24	13.33	84	46.67	72	40.00	2.27	8
36.8	180	3	29	16.11	86	47.78	65	36.11	2.20	9
36.9	180	3	30	16.67	102	56.67	48	26.67	2.10	10
36.10	180	3	10	5.56	88	48.89	82	45.56	2.40	3
36.11	180	3	6	3.33	78	43.33	96	53.33	2.50	2
36.12	180	3	11	6.11	66	36.67	103	57.22	2.51	1

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Lae prioriteit, 2 = Hoë prioriteit, 3 = Hoogste prioriteit, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na 'n ontleding van Tabel 4.40 blyk dit dat die respondente van mening is dat die volgende, naamlik die bestuur van stres (vr. 36.12), bestuur van konflik (vr. 36.11) bestuur van tyd (vr. 36.10) en klaskamerbestuur (vr. 36.1) die hoogste prioriteit in skoolgebaseerde SIDOO-programme moet geniet. Die bestuur van tyd en klaskamerbestuur is van die komponente wat in 'n skoolgebaseerde model van waardetoevoeging aangeraak word (vgl. paragrawe 5.2, 5.3 en 5.4 sien ook Figure 5.1, 5.2 en 5.3). Hierdie SIDOO-behoefte uitgespreek deur die respondente word versterk deur response verkry uit Tabel 4.50 (vr. 33.6) en Tabel 4.57 (vrae 35.1, 35.5 en 35.8). Dit is so dat swak tydbestuur meer druk op die onderwyser plaas wat stresvlakke verhoog en aanleiding gee tot swakker interpersoonlike verhoudings. Ander faktore wat is tot stres bydra in die onderwys is byvoorbeeld die onsekerheid in die onderwys en nuwe posvoorsieningskale. Eksterne druk deur ouers die gemeenskap en die privaatsektor beïnvloed die effektiwiteit van die onderwyser se

onderwysaak. Interne skooldruk soos die nuwe veranderde rol wat die onderwyser moet vervul, multikulturele onderwys, onervare leierskap, dissipline in skoolverband (Tabel 4.61), die nuwe kurrikulum, taalprobleme, norme en waardeverskille, fisiese werkomgewing en werklading (Tabel 4.61) hou ook negatiewe gevolge vir die onderwyser in. Indien die onderwysers nie bemagtig word om dié faktore te kan hanteer nie, stuur die onderwysstelsel op groot probleme af. Skoolhoofde moet na 'n deeglike behoefteanalise SIDOO-programme met die hulp van kundiges ontwikkel om in hulle onderwysers se unieke behoeftes te voorsien. Hoogste prioriteit moet spesifiek aan stres en stresverwante aangeleenthede verleen word. Die hantering van konflik en tydbestuur oor die algemeen moet prioriteit geniet. Afgesien van vrae 36.5 en 36.6 is meer as 82% van die respondente van mening dat al die ander aspekte van vraag 36 hoë of hoogste prioriteit is vir skoolgebaseerde SIDOO-programme. Aansluitend by vraag 36 is dit ook belangrik dat ander aspekte van dringendheid ook aangespreek word. Daardie aspekte is die bestuur van stres, konflik en tyd maar onderliggend tot dié aspekte is die response verkry op vrae uiteengesit in Tabel 4.61.

Tabel 4.61 'n Vergelykende ontleding van vraag 36, met vrae 33.6, 35.1 35.5 en 35.8

Vraag		N=	Totaal response 2+3	Totaal % response 2+3
33.6	Dissipline in skoolverband	180	173	96.11
35.1	Hantering van werklading van die onderwyser	182	177	97.25
35.5	Veranderde rol van die onderwyser	181	172	95.03
35.8	Verbetering van interpersoonlike vaardighede	182	176	96.70

Sleutel: N= totale response

Dié aspekte uitgelig in Tabel 4.61 is faktore wat 'n bydraende rol speel tot stres en konflik. Dissipline in skoolverband (vr. 33.6) word deur meer as 96% van die respondente as hoë of hoogste prioriteit gesien vir SIDOO-programme. So is ook 97.25% van die respondente van mening dat die werklading (vr. 35.1) van die onderwyser deur SIDOO-programme aangespreek moet word. Oplossings in dié

verband moet gevind word. Die veranderde onderwysrol van die onderwyser (vr. 35.5) en die verbetering van interpersoonlike vaardighede (vr. 35.8) is ook sake van dringendheid. Onderwysers wat stres, spanning en konflik beleef, is onproduktief.

Skole en alle belangegroepes by onderwys het 'n belang om die onderwysstaak van die onderwyser so stresvry as moontlik te maak. In dié verband moet die privaatsektor hul belang by onderwys opneem en daadwerklik, nie net geldgewys, by die skole in hulle omgewing betrokke raak. Hulle kundigheid, hulp en bystand is nou meer as ooit in die verlede dringend noodsaaklik. 'n Gelukkige effektiewe skoolgemeenskap se fokuspunt is 'n gelukkige, bemagtigde en gesonde onderwyser. Omdat die onderwysers in die toekoms meer op mekaar in skoolverband en in die skoolgroep aangewese gaan wees, is dit te verstane dat hulle prioriteit verleen aan SIDOO-programme wat gerig is op die verbetering van interpersoonlike verhoudings.

Tabel 4.62 'n Ontleding van die hoë en hoogste prioriteit response op Vraag 36

Vraag	36.1	36.2	36.3	36.4	36.5	36.6	36.7	36.8	36.9	36.10	36.11	36.12
N=	181	179	180	180	180	180	180	180	180	180	180	180
Nba	2	4	3	3	3	3	3	3	3	3	3	3
Hoë prioriteit	79	96	100	89	93	90	84	86	102	88	78	66
Hoogste prioriteit	85	69	69	75	46	49	72	65	48	82	96	103
Totaal	164	165	169	164	139	139	156	151	150	170	174	169
%	90.61	92.18	93.89	91.11	77.22	77.22	86.67	83.89	83.33	94.44	96.67	93.89
R	7	5	3	6	11	11	8	9	10	2	1	3

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

Tabel 4.62 ondersteun die belangrikheid van skoolgebaseerde SIDOO-programme wat fokus op die persoonlike en professionele behoeftes van die onderwyser met die klem op die bestuur van verandering. Verandering soos tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beleef word is 'n stresvolle ervaring vir almal betrokke by onderwys. Die effektiewe bestuur van die verandering is 'n belangrike aspek

waarin alle besluitnemers op alle vlakke van die onderwys indiens opgelei moet word. Oneffektiewe bestuur van verandering veroorsaak onsekerheid, ongemak en dit lei tot verhoging van stresvlakke en konflik. Alhoewel net 69 of 38.55% van die respondente van mening is dat die bestuur van verandering hoogste prioriteit in SIDOO-programme moet geniet, ondersteun die skoolhoofde en adjunkhoofde dit as hoë prioriteit.

Tabel 4.63 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot prioriteit vir SIDOO-programme ten opsigte van bestuursaan-geleenthede

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
36.1	2.71	4	2.80	1	2.18	10	2.37	3
36.2	2.71	4	2.70	2	2.30	6	2.26	7
36.3	2.57	8	2.50	5	2.24	7	2.32	5
36.4	2.71	4	2.20	10	2.39	5	2.30	6
36.5	2.43	11	2.10	11	2.12	11	1.98	12
36.6	3.00	1	1.70	12	2.12	11	2.00	11
36.7	2.57	8	2.60	3	2.48	4	2.17	8
36.8	2.86	2	2.30	9	2.21	8	2.15	9
36.9	2.43	11	2.50	5	2.21	8	2.02	10
36.10	2.57	8	2.50	5	2.52	3	2.35	4
36.11	2.86	2	2.50	5	2.73	2	2.42	2
36.12	2.71	4	2.60	3	2.76	1	2.43	1

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

'n Ontleding van Tabel 4.63 toon aan dat alle skoolhoofde (gemiddelde respons 3 uit 3) van mening is dat finansiële bestuur by hulle as groep hoogste prioriteit geniet. Dit is te verstane omdat die skoolhoof, afgesien van skoolbestuur ook verantwoordelik is vir die skool se finansiële sake en om die rede is dit begryplik waarom skoolhoofde van mening is dat SIDOO-programme spesifiek gerig op finansiële bestuur aangebied moet word. Die adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers daarenteen is van mening dat finansiële bestuur by hulle 'n laer prioriteit is. 'n SIDOO-program wat fokus op finansiële bestuur moet op verskeie vlakke aangebied word. 'n Program vir die skoolhoof sal noodwendig 'n ander

aanslag inneem as 'n program vir die onderwyser. 'n Skoolgebaseerde program kan meer effektief wees, omdat elke skool se finansiële behoeftes en begrotingsprioriteite uniek is. Dit beteken ook dat die skoolhoof ondersteun word in die finansiële kantoor met begrotingsbesluite. Finansiële bestuur neem al hoe meer tyd in beslag wat aan ander skoolbestuuraspekte bestee kon gewees het.

In Engeland is die tendens dat die skool 'n rekenmeester uit die privaatsektor aanstel, wat deel is van die bestuurspan, om die finansiële aspekte van die skool te hanteer. Skoolhoofde het gevolglik dan meer tyd om aan die ander aspekte van skoolbestuur te spandeer (Maritz, 1997:12). Skoolhoofde is ook van mening dat SIDOO-programme moet fokus op die bestuur van konflik, stres en die ontwikkeling van skoolbeleid. Adjunkhoofde fokus op klaskamerbestuur en die bestuur van verandering. Hulle is ook van mening dat SIDOO-programme moet fokus op strategiese beplanning en die bestuur van stres. Departementshoofde en onderwysers het 'n behoefte aan volgehoue ondersteuning met betrekking tot die bestuur van stres, konflik en tyd. Onderwysers is van mening dat klaskamerbestuur 'n hoë prioriteit is terwyl departementshoofde van mening is dat strategiese bestuur hoë prioriteit moet geniet. Skoolhoofde beskou die bestuur van vergaderings en die delegering van bestuursfunksies as 'n laer prioriteit. Delegering is 'n belangrike bestuursaspek wat effektief deur skoolhoofde in sekere bestuursaspekte aangewend kan word om bestuur meer effektief te kan hanteer en delegering op sigself is 'n indiensopleidings instrument wat nuwe geleenthede en uitdagings vir onderwysers skep. Adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers is dit eens dat die bestuur van vergaderings en finansiële bestuur by hulle 'n laer prioriteit vir SIDOO-programme is.

Vraag 37 In watter mate dink u kan effektiewe indiensopleiding van onderwysers die volgende uitkomst of resultate te bereik? (Merk asseblief die moontlikheid volgens u oordeel)

		Onmoontlik	Moontlik	Beslis moontlik
		1	2	3
37.1	Opgradering van die on- en ondergekwalifiseerde onderwyser			
37.2	Opgradering van onderwysers tot die verwerkliking van K2005			
37.3	Verbetering van onderwysvaardighede			
37.4	Kwaliteitverbetering van onderwys			
37.5	Verhoging van die onderwyser se motiveringsvlak			

Tabel 4.64 Respondente se menings ten opsigte van moontlike uitkomst van SIDOO-programme

Vr.	N=	Nba	1 Onmoontlik		2 Moontlik		3 Beslis moontlik		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%		
37.1	178	5	12	6.74	73	41.01	93	52.25	2.46	4
37.2	178	5	15	8.43	81	45.51	82	46.07	2.38	5
37.3	178	5	4	2.25	69	38.76	105	58.99	2.57	1
37.4	178	5	5	2.81	70	39.33	103	57.87	2.55	2
37.5	178	5	11	6.18	69	38.76	98	55.06	2.49	3

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, Gem. = Gemiddelde telling, R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Na ontleding van Tabel 4.64 blyk dit dat die respondente oortuig is dat 'n goedbeplande SIDOO-program gerig op werklike behoeftes daarin kan slaag om die onderwyser se onderwysvaardighede te verbeter (vr. 37.3) en die kwaliteit van onderwys oor die algemeen te verbeter (vr. 37.4) en om die onderwyser se motiveringsvlak te verhoog (vr. 37.5). Oor die algemeen is die respondente van mening dat uitkomst op al die vrae van vraag 37 beslis moontlik is. Net 15 respondente is van mening dat die opgradering van onderwysers tot verwerkliking

van K2005 (vr. 37.2) deur SIDOO-programme onmoontlik is (vgl. par. 3.35 en Fuguur 3.10).

Tabel 4.65 'n Ontleding van die *moontlik* en *beslis moontlik* response op vraag 37

Vraag	37.1	37.2	37.3	37.4	37.5
N=	178	178	178	178	178
Nba	5	5	5	5	5
Moontlik	73	81	69	70	69
Beslis moontlik	93	82	105	103	98
Totaal	166	163	174	173	167
%	93.26	91.57	97.75	97.19	93.82
R	4	5	1	2	3

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

Uit Tabel 4.65 is dit duidelik dat meer as 91% van die respondente die potensiaal van 'n goedbeplande skoolgebaseerde SIDOO-program (vgl. par. 3.3) besef wat aan onderwysers die geleentheid bied tot die kwaliteitverbetering van onderwys oor die algemeen en die verbetering van onderwysvaardighede spesifiek . Ter ondersteuning van dié aannames is die volgende vrae se response vergelyk met die response verkry op vraag 37, naamlik

- Vraag 19.10. Op die vraag is meer as 96% of 172 respondente van mening dat hulle hoë prioriteit sal verleen om 'n SIDOO-program by te woon wat die verbetering van prestasie en onderwysvaardighede as tema het.
- Vraag 19.11. Meer as 96% van die respondente sal hoë prioriteit verleen aan die opgradering van professionele kennis en vaardigheid deur SIDOO-programme.
- Vraag 19.12. Honderd sewe en sewentig of 97.79% respondente is van mening dat hoë prioriteit verleen moet word aan SIDOO-programme wat fokus op nuwe onderrigmetodes.

- Vraag 19.15. Op die vraag is 167 of 92.78% van die respondente van mening dat hoë prioriteit verleen moet word aan SIDOO-programme om die onderwyser te ondersteun tot die verstaan van K2005.
- Vraag 24.4. Net 80 of 44.44% van die respondente het 'n studie van K2005 gemaak terwyl 89 of 49.44% weet van K2005 maar nog nie 'n studie daarvan gemaak het nie. Op vraag 37.2 is 163 respondente van mening dat deur effektiewe SIDOO-programme die onderwyser opgegradeer kan word tot die verwerkliking van K2005. As die respons in perspektief geplaas word binne die konteks dat net 80 respondente 'n studie van K2005 gemaak het, moet die afleiding gemaak word dat die respondente sterk voel oor die krag en effektiwiteit van goedbeplande SIDOO-programme. Respondente is vol vertroue dat die skade aangerig deur swak indiensopleidingsprogramme met betrekking tot die nuwe kurrikulum (vgl. vraag 26, Tabel 4.36 en Tabel 4.37), reggestel kan word deur effektiewe skaalgebaseerde of skoolgroep SIDOO-programme.
- Vraag 26 handel oor die waarde van 'n UGO-werkwinkel wat deur die respondente bygewoon is. Net met die uitsondering van vraag 26.1, die inhoud van die program wat deur 50% van die respondente as goed ervaar is, is alle ander response swak. So is 53.01% respondente van mening dat die oordra van nuwe vaardighede swak was en dat 60.24% van mening is dat die program nie relevant tot hulle metodiek was nie;
- Vraag 32.6. Op die vraag is 87.15% van die respondente van mening dat die ontwikkeling van materiaal vir die effektiewe implementering van K2005 hoë of hoogste prioriteit moet geniet. Die dringendheid van die probleem word onderstreep as in ag geneem word dat nie alle respondente verbonde is aan primêre skole nie, en dat meer as 62% van die respondente dit as hoogste prioriteit sien.
- Vraag 34.8 sluit ook by vraag 32.6 aan. Op die vraag, kommunikasie met die gemeenskap ten opsigte van die impak wat K2005 op die gemeenskap gaan uitoefen, is 156 of 87.64% respondente van mening dat hoë of hoogste prioriteit daaraan verleen moet word.

Tabel 4.66 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot moontlike uitkomste van effektiewe SIDIOO-programme

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
37.1	2.14	3	2.40	4	2.53	4	2.46	4
37.2	1.86	5	2.40	4	2.38	5	2.40	5
37.3	2.29	1	2.50	1	2.63	2	2.57	1
37.4	2.29	1	2.50	1	2.69	1	2.53	2
37.5	2.00	4	2.50	1	2.59	3	2.49	3

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers is positief oor die moontlikheid dat SIDOO-programme daarin gaan slaag om die onderwyser se onderwysvaardighede en die kwaliteit van onderwys te verhoog. Hulle is egter meer skepties oor die moontlikheid dat SIDOO-programme daarin kan slaag om onderwysers te ondersteun tot verwerking van K2005.

Vraag 38 In watter mate dink u sal die volgende geïdentifiseerde swak punte van indiensopleiding veroorsaak dat effektiewe indiensopleiding en professionele ontwikkeling van onderwysers negatief beïnvloed word?
(Merk asseblief u keuse elk van die onderstaande)

		Nee	Onseker	Ja	Beslis ja
		1	2	3	4
38.1	Oorbelading van onderwysers				
38.2	Negatiwiteit by onderwysers				
38.3	Onsekere toekoms van onderwys				
38.4	Gebrek aan finansies				
38.5	Gebrekkige kommunikasie				
38.6	Onduidelike indiensopleidingbeleid				
38.7	Indiensopleidingsdoelstellings nie duidelik geformuleer nie				
38.8	Reistyd en groot afstande na indiensopleidingsprogramme				
38.9	Verdere opleiding moedig die sg. "paper chase" aan				
38.10	Verpolitisering van die onderwys				
38.11	Gebrekkige kultuur van leer en onderrig				
38.12	Negatiewe invloed van vakbonde				
38.13	Taal van programaanbieding				
38.14	Kursusse nie gerig op onderwyser se werklike behoeftes nie				
38.15	Swak beplanning van programme				
38.16	Nie genoegsame differensiasie tussen programme vir onderwysers in verskillende fase van onderwys nie				
38.17	Onvoldoende morele en professionele aanmoediging of beloning				

Tabel 4.67 Respondente se menings met betrekking tot die geïdentifiseerde swak punte in SIDOO-programme wat die DPO van die onderwyser negatief kan beïnvloed

Vr.	N=	Nba	1 Nee		2 Onseker		3 Ja		4 Beslis ja		Gem.	R
			F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
38.1	178	5	1	0.56	7	3.93	49	27.53	121	67.98	3.63	2
38.2	178	5	5	2.81	21	11.80	71	39.89	81	45.51	3.28	11
38.3	178	5	3	1.69	7	3.93	52	29.21	116	65.17	3.58	3
38.4	178	5	6	3.37	15	8.43	55	30.90	102	57.30	3.42	6
38.5	178	5	5	2.81	13	7.30	79	44.38	81	45.51	3.33	9
38.6	178	5	4	2.25	18	10.11	72	40.45	84	47.19	3.33	9
38.7	178	5	5	2.81	18	10.11	83	46.63	72	40.45	3.25	13
38.8	176	7	11	6.25	16	9.09	59	33.52	90	51.14	3.68	1
38.9	178	5	26	14.61	42	23.60	58	32.58	52	29.21	2.76	17
38.10	178	5	10	5.62	25	14.04	53	29.78	90	50.56	3.25	12
38.11	178	5	11	6.18	23	12.92	67	37.64	77	43.26	3.18	14
38.12	178	5	20	11.24	29	16.29	47	26.40	82	46.07	3.07	16
38.13	178	5	13	7.30	22	12.36	63	35.39	80	44.94	3.18	14
38.14	178	5	4	2.25	12	6.74	58	32.58	104	58.43	3.47	4
38.15	178	5	5	2.81	15	8.43	49	27.53	109	61.24	3.47	4
38.16	178	5	2	1.12	18	10.11	62	34.83	96	53.93	3.42	7
38.17	178	5	7	3.93	18	10.11	56	31.46	97	54.49	3.37	8

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Nee, 2 = Onseker, 3 = Ja, 4 = Beslis ja, Gem. = Gemiddelde telling,

R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

'n Totale ontleding van vraag 38 toon aan dat die respondente oortuig is dat die afstande en reistyd (vr. 38.8) na indiensopleidingsprogramme negatief inwerk op die SIDOO van onderwysers. Die respons versterk egter die beginsel van skoolgebaseerde SIDOO-programme vir onderwysers. Respondente is ook van mening dat die oorbelading van onderwysers (vr. 38.1) en die onsekere toekoms van die onderwys (vr. 38.3) bydra tot onsuksesvolle SIDOO-programme. Hierdie swak punte is bydraende faktore tot die verhoogde stres- en konflikvlakke van onderwysers (vgl. Tabele 4.60, 4.61 en 4.62). Wat ook negatief inwerk op die DPO van onderwysers is kursusse wat nie gerig is op die werklike behoeftes van die onderwyser nie (vr. 38.14). 'n Deeglike behoeftebepaling (vgl. par. 2.5.1.7 en 3.3.3 vgl. ook Figuur 3.8) en analise is 'n belangrike proses voordat enige SIDOO-

program beplan kan word en sluit aan by die volgende mening van die respondente dat swak beplanning van SIDOO-programme en 'n gebrek aan finansies ook negatief op DPO van onderwysers kan inwerk. Indien die *Ja* en *Beslis ja* response ontleed word, is die respondente van mening dat die volgende swak punte negatief op SIDOO van onderwysers inwerk, naamlik

- Oorbelading van onderwysers (95.51%). Daar is nie meer tyd vir skoolgebaseerde SIDOO-programme nie. Skole moet saam staan en programme ontwikkel wat relevant en effektief kan voorsien in die SIDOO-behoeftes van die onderwyser.
- Onsekere toekoms van die onderwys (94.38%).
- Kursusse nie gerig op die onderwyser se werklike behoeftes nie (91.01%).
- Swak beplanning van programme (88.76%).
- Nie genoegsame differensiasie tussen programme vir onderwysers in verskillende fases van onderwys (88.76%), en
- Gebrek aan finansies (88.20%).

Meer as 80% van die respondente is positief dat die verpolitisering van onderwys beslis 'n negatiewe uitwerking op die DPO van die onderwyser het .

Tabel 4.68 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die resultate wat geïdentifiseerde swak punte het op DPO van onderwysers

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
38.1	3.57	1	3.80	2	3.69	1	3.60	2
38.2	3.43	3	3.50	9	3.34	9	3.24	11
38.3	3.43	3	3.80	2	3.63	2	3.56	3
38.4	3.43	3	3.70	5	3.44	7	3.40	7
38.5	3.43	3	3.30	14	3.50	4	3.28	9
38.6	3.57	1	3.50	9	3.47	6	3.26	10
38.7	3.00	13	3.50	9	3.31	10	3.22	12
38.8	3.00	13	3.40	13	3.28	12	3.84	1
38.9	2.00	17	2.40	17	2.81	17	2.82	17
38.10	3.29	7	3.90	1	3.31	10	3.19	13
38.11	3.14	8	3.70	5	3.22	14	3.13	15
38.12	3.14	8	3.30	14	3.19	16	3.02	16
38.13	3.00	13	3.50	9	3.28	12	3.14	14
38.14	3.00	13	3.80	2	3.53	3	3.46	6
38.15	3.14	8	3.70	5	3.50	4	3.47	4
38.16	3.14	8	3.60	8	3.22	14	3.47	4
38.17	3.14	8	3.20	16	3.38	8	3.39	8

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Respondente is van mening dat die volgende geïdentifiseerde swak punte DPO van onderwysers negatief gaan beïnvloed:

➤ Skoolhoofde.

Die oorbelading van onderwysers (vr. 38.1), onduidelike indiensopleidingsbeleid (vr. 38.6), negatiewiteit by onderwysers (vr. 38.2), onsekere toekoms van die onderwys (vr. 38.3), gebrek aan finansies en gebrekkige kommunikasie (vr. 38.4).

➤ Adjunkhoofde.

Die verpolitisering van die onderwys (vr. 38.10), oorbelading van die onderwyser (vr. 38.1), onsekere toekoms van die onderwys (vr. 38.3) en kursusse nie gerig op die werklike behoeftes van die onderwysers nie (vr. 38.14).

➤ Departementshoofde.

Die oorbelading van onderwysers (vr. 38.1), onsekere toekoms van die onderwys (vr. 38.3), gebrekkige kommunikasie (vr. 38.5) en kursusse is nie gerig op die werklike behoeftes van onderwysers nie (vr. 38.14).

➤ Onderwysers.

As die grootste groep van die respondente, is hulle van mening dat die reistyd en afstande na SIDOO-programme (vr. 38.8), oorbelading van die onderwyser (vr. 38.1), onsekere toekoms van die onderwys (vr. 38.3), swak beplanning van SIDOO-programme (vr. 38.15) en nie genoegsame differensiasie tussen programme vir onderwysers in verskillende fases van onderwys nie (vr.38.16).

Vraag 39 Evalueer asseblief die volgende voordele van 'n onderwysersentrum as plek vir die aanbied van indiensopleidingsprogramme vir onderwysers. (Merk asseblief u keuse vir elk van die onderstaande)

		Nee	Onseker	Ja	Sterk ja
		1	2	3	4
39.1	Geskikte plek vir werkwinkels en seminare				
39.2	Fokuspunt vir skoolgroep aktiwiteite en vergaderings				
39.3	Bronnesentrum vir die onderwyser				
39.4	Geskikte plek vir die maak van hulpmiddels				
39.5	Sentrum vir kurrikulum-ontwikkeling				
39.6	Sentrum vir kennisuitruiling betreffende kundigheid, hulpmiddelontwikkeling bv. Werkkaarte ens.				

Tabel 4.69 Respondente se menings met betrekking tot die effektiwiteit en benutbaarheid van professionele onderwysersentrums

Vr.	N=	Nba	1		2		3		4		Gem	R
			Nee		Onseker		Ja		Sterk ja			
			F=	%	F=	%	F=	%	F=	%		
39.1	179	4	7	3.91	17	9.50	105	58.66	50	27.93	3.11	2
39.2	179	4	16	8.94	26	14.53	103	57.54	34	18.99	2.87	5
39.3	179	4	10	5.59	19	10.61	94	52.51	56	31.28	3.09	3
39.4	179	4	24	13.41	28	15.64	79	44.13	48	26.82	2.84	6
39.5	179	4	7	3.91	30	16.76	90	50.28	52	29.05	3.04	4
39.6	177	6	6	3.39	22	12.43	85	48.02	64	36.16	3.17	1

Sleutel:

Nba = Nie beantwoord, 1 = Nee, 2 = Onseker, 3 = Ja, 4 = Sterk ja, Gem. = Gemiddelde telling,

R = rangorde, F= frekwensie, N= totale response, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

Respondente is van mening dat die professionele onderwysersentrum

- 'n belangrike plek is vir die uitruil van kennis en hulpmiddelontwikkeling (vr. 39.6),
- vir die aanbied van werkwinkels en seminare (vr. 39.1) en
- 'n plek is waar onderwysers kan aanklop vir bronne (vr. 39.3).

Hierdie aannames word bevestig in die ontleding van die *Ja* en *Sterk ja* response soos uiteengesit in Tabel 4.70. In skoolgebaseerde SIDOO-programme kan die professionele onderwysersentrum gebruik word as skakelinstelling tussen die skole in die skoolgroep. Die sentrum kan SIDOO-programme koördineer en inisieër (vgl. ook par 2.9 en Figure 2.11, 2.12, 5.1 en 5.2).

Tabel 4.70 'n Ontleding van die *Ja* en *Beslis ja* response op vraag 39

Vraag	39.1	39.2	39.3	39.4	39.5	39.6
N=	179	179	179	179	179	177
Nba	4	4	4	4	4	6
Ja	105	103	94	79	90	85
Sterk ja	50	34	56	48	52	64
Totaal	155	137	150	127	142	149
%	86.59	76.54	83.80	70.95	79.33	84.18
R	1	5	3	6	4	2

Sleutel: Nba = Nie beantwoord, N= Totale response, R = rangorde

Tabel 4.71 Analisering van response van skoolhoofde, adjunkhoofde, departementshoofde en onderwysers afsonderlik met betrekking tot die professionele onderwysersentrum se waarde in SIDOO en DPO van onderwysers

Vr.	Skoolhoof	R	Adjunkhoof	R	D/Hoof	R	Onderwyser	R
39.1	2.71	6	3.10	1	2.88	2	3.18	2
39.2	3.00	5	3.10	1	2.78	4	2.86	6
39.3	3.29	1	3.10	1	2.88	2	3.14	3
39.4	3.14	3	2.90	5	2.56	6	2.89	5
39.5	3.14	3	3.00	4	2.75	5	3.12	4
39.6	3.29	1	2.90	5	2.97	1	3.23	1

Sleutel: R = rangorde, Vr. = 'n eie afkorting vir die term vraag

- Skoolhoofde is van mening dat die professionele onderwysersentrum 'n geskikte plek is vir bronne, kennisuitruiling, hulpbronontwikkeling 'n plek vir die maak van hulpmiddels.
- Adjunkhoofde is van mening dat die sentrum effektief aangewend kan word vir werkwinkels en seminare, skoolgroepaktiwiteite en as 'n bronnensentrum vir onderwysers.

- Departementshoofde en onderwysers is van mening dat die sentrum as plek gebruik moet word waar kennis uitgeruil word en hulpmiddelontwikkeling plaasvind. Hulle is ook positief oor die gebruik van die professionele onderwysersentrum vir werkwinkels en seminare asook 'n bronnensentrum.

Professionele onderwysersentrums in Mpumalanga moet met 'n pro-aktiewe bewusmakingsproses begin om die fasiliteite en dienste (par. 2.9.1) wat so 'n sentrum aan skole en onderwysers kan bied bekend te stel. Dit wil voorkom of die professionele onderwysersentrum al hoe sterker en meer prominente fasiliteringsrol in skoolgebaseerde SIDOO van onderwysers gaan vervul (vgl. Figuur 2.12), en veral in die deurlopende ondersteuning van die onderwyser in SIDOO-programme.

4.7 Samevatting

Uit die empiriese studie blyk dit dat die respondente van mening is dat skoolgebaseerde SIDOO-programme as deel van totale skoolontwikkeling effektief is met die klem op die verbetering van onderwys. Alle SIDOO- en DPO-programme moet voorafgegaan word deur 'n behoorlike behoefteanalise, wat selfrefleksie insluit, en prioritisering van die geïdentifiseerde behoeftes. Respondente is ook positief oor die beginsel van samewerkende leer en eienaarskap van SIDOO-programme sowel binne as buite die skool en dat indiensopleidingsprogramme waarde moet toevoeg met betrekking tot die onderwyser se professionele en persoonlike ontwikkeling. Onderwysers is ook van mening dat hoë prioriteit verleen moet word aan SIDOO-programme wat gerig is op die verwerwing van nuwe onderwysgerigte kennis en vaardighede en verbetering van onderwysprestasie oor die algemeen. Uit die empiriese studie blyk dit ook dat die respondente voortdurend besig is met die identifisering van leerderbehoefte en die lees van vak- of onderwysgerigte literatuur. Respondente verkies ook nie-lesdae gereserveer net vir personeelontwikkeling. Alhoewel nie sterk bevestig deur die empiriese studie nie, blyk dit tog dat skole wel oor 'n losse tipe van SIDOO- en DPO-program beskik. Respondente is egter van mening dat daar 'n meer gestruktureerde skoolgebaseerde SIDOO- en DPO-program van opleiding moet wees. So 'n

program kan opgeneem word in die skoolontwikkelingsplan. In die verband kan skoolhoofde ook die implementering van 'n KPA-program sterk oorweeg. Respondente is van mening dat so 'n program die kwaliteit en standaard van onderwys gaan verbeter en deur so 'n program kry onderwysers die geleentheid om met hulle lynbestuurder klasgerigte en skoolgerigte aangeleenthede te bespreek. 'n KPA-program, deur 'n proses van refleksie en selfrefleksie bied aan onderwysers die geleentheid tot 'n bewuswording van hulle sterk punte en die identifisering van areas vir verdere ontwikkeling. SIDOO- en DPO-programme mag nie net bestaan uit die onderwyser se geïdentifiseerde professionele behoeftes nie, maar moet ook insluit programme om in die onderwyser se persoonlike behoeftes te voorsien. Stres en die hantering daarvan en die bestuur van konflik is van die belangrikste aspekte wat deur die respondente uitgewys is as 'n saak van dringendheid. Verder is die respondente van mening dat skoordisipline en werkverhoudings, wat insluit die onderwyser-leerderverhouding, prioriteit behoort te wees vir skoolgebaseerde SIDOO- en DPO-programme. Respondente is ook van mening dat oorbelading en die onsekerheid in die onderwys bydraende faktore kan wees tot onsuksesvolle SIDOO- en DPO-programme.

Vervolgens word in Hoofstuk 5 twee modelle van waardetoevoeging met betrekking tot die onderwyser se professionele en persoonlike ontwikkeling en 'n KPA-program nagevors en beskryf.